

Rokende Houtstomp

Volume 9

Uit die ewige vuur geruk

(Is dit dalk jy?)



Joas Natan

Kopiereg: Joas Natan

Gedruk en gepubliseer: Suid-Afrika 2022

Teksredigeerder: A. Oosthuizen

**Skryfaanhalings: Afrikaanse Bybelvertaling 1983 indien nie anders vermeld
nie.**

Formaat: E-Boek

Alle regte word voorbehou.

**Hierdie publikasie mag nie gereproduseer word in enige vorm en op enige
manier, elektronies of meganies, ingesluit fotokopiëring, opnames, of in
enige informasiebewaringseenheid en herwinningsstelsel sonder die
uitdruklike toestemming van die skrywer nie.**

Kontakbesonderhede: admin@joasnatan.co.za

Vir hierdie en ander boeke, besoek <https://joasnatan.co.za>

Oorsig

Jaar Een

Volume 1: 1 Januarie tot 26 Februarie.

Volume 2: 27 Februarie tot 18 April.

Volume 3: 19 April tot 9 Junie

Volume 4: 10 Junie tot 31 Julie

Volume 5: 1 Augustus tot 21 September

Volume 6: 22 September tot 12 November

Volume 7: 13 November tot 31 Desember

Jaar Twee

Volume 8: 1 Januarie tot 21 Februarie

Volume 9: 22 Februarie tot 10 April: (Huidige boek)

Volume 10: 11 April tot 31 Mei

Inhoudsopgawe (Volume 9)

Inleiding	Bladsy 7
22 Februarie. Onbedinkbaar	11
23 Februarie. One and only	14
24 Februarie. Comrades van die lewe	19
25 Februarie. Ons Vader	21
26 Februarie. Onsiende oë	23
27 Februarie. Onskuldig edelagbare	26
28 Februarie. Oorgawe	28
29 Februarie. Woestynparadys	31
1 Maart. Potpourri. 1	34
2 Maart. Potpourri. 2	37
3 Maart. Psalm 146	40
4 Maart. Pynvolle leer	42
5 Maart. Regering 2016	46

6 Maart. Saad	50
7 Maart. Sabbat	52
8 Maart. Sal Jesus jok?	57
9 Maart. Sekulêr	60
10 Maart. Skoolgeld	62
11 Maart. Son en lig	64
12 Maart. Sonde-Sonde	65
13 Maart. Sonde van satan	68
14 Maart. Spreek in tale	70
15 Maart. Stam van Juda	73
16 Maart. Sterf	76
17 Maart. Stilgeboorte	79
18 Maart. Strome	81
19 Maart. Supermossie	84
20 Maart. Surrender	87

21 Maart. Tiende	91
22 Maart. Trou	92
23 Maart. Twee dorpe	94
24 Maart. Twee koninkryke	97
25 Maart. Twee strome	108
26 Maart. Tyd en koninkryk	114
27 Maart. Neuronbane	116
28 Maart. Van saad tot vrug	120
29 Maart. Van self tot God	123
30 Maart. Vandag	126
31 Maart. Varke en modder	129
1 April. Verstaan jy Job?	132
2 April. Vier offers	134
3 April. Vir moë pelgrims	137
4 April. Vrae	140

5 April. Vrede	143
6 April. Waarheid oor Jesus	145
7 April. Wanneer Here?	148
8 April. Wat sou Jesus gedoen het?	150
9 April. Water-Water	153
10 April. Waarom?	161

Inleiding

Waarom?

Mense wonder gewoonlik waarom 'n persoon 'n boek skryf. Hierdie boek met dagstukkies is saamgestel uit idees wat die Heilige Gees gedurende die jare 2005 tot 2022 by die skrywer, in sy stiltetyd laat opkom het. Hy is gedring deur 'n dringende behoefte om die gedagtes met ander te deel, ander wat dalk nog nie op die bepaalde wyse oor dinge in die Bybel gedink het nie. Daarom mag van die idees vreemd en nuut vir die leser wees. Daar mag ook 'n herkenning wees van idees soos dit vroeër aan die leser bekend gemaak is. Dit is immers dieselfde Heilige Gees wat ons leer. Die naam van die oorspronklike boek: *Rokende Houtstomp uit die vuur geruk*, kom uit Sagaria 3:2. Dit is die skrywer se bede dat hierdie boodskappe sal bydra om siele, soos rokende houtstompe, uit die ewige vuur van God se oordeel te ruk.

Waaroor?

'n Mens wonder ook waarom die boek gaan wanneer jy dit die eerste keer in jou hande neem. Wat maak hierdie preke anders as ander boeke met boodskappe vir die jaar?

Dalk is dit die nuwe, unieke, vars siening van ou waarhede wat hierdie boekie sal onderskei van ander. Telkens is die skrywer verras deur die varsheid van die idee, soos aan hom geopenbaar, in tye van diepe kommunikasie met die Here.

Indien die boekie oorsigtelik deurgeblaai word, sal die volgende temas uitstaan:

1. Eer, lof, dank en aanbidding aan God die Vader, Sy Seun ons Here Jesus en die Heilige Gees van Vader en Seun.
2. Die uitbreiding en koms van God se Koninkryk
3. Om God se wil te onderskei en dit te doen.
4. Om aandag te gee aan menslike nood en behoeftes en hoe dit bevredig kan word.
5. Oor die vergifnis van 'n sondaar en die sondaar se vergifnis van ander.
6. Die gevaar van die verleiding van satan en satan se ondersteuners.

In kort gaan dit oor die essensies van die lewe soos Jesus dit vir ons aangedui het in die gebed van alle gebede naamlik die *Onse Vader* in Mat.6: 9 tot 13.

Vir wie is hierdie dagstukkies bedoel?

Die volgende groepe persone behoort baat te vind by die lees van hierdie dagstukkies:

1. **Ongelowige mense** wat die eerste keer die Evangelie van verlossing sal hoor.
2. **Valse gelowige**, dit wil sê mense wat dink dat hulle gered is maar wie in 'n gekkeparadys leef en eers by hulle dood sal uitvind dat hulle saak met die Here nooit reg was nie. Dikwels sal van die leuens wat hierdie mense mislei, uitgewys word.

3. **Gelowiges wat teruggeval het.** Dit wil sê mense wat hulle vroeëre passie en liefde vir die Here verloor het.
4. **Onverskillige mense** wat dink dat alles net oor hierdie stukkie lewe gaan en vir wie daar nie eintlik ‘n ewigheidsperspektief bestaan nie.
5. **Pastore, Predikante en Geestelike leiers;** elkeen wat geroep is om ander te leer en moontlik ‘n vars siening van ou waarhede soek.
6. Ten slotte behoort **gelowige kinders van God** ook te baat by die lees van hierdie dagstukkies aangesien dit geskryf word om te bemoedig, hoop te gee, te leer, te versterk en leuens te ontbloot. Dit sal ‘n seën vir gelowiges wees aangesien dit gaan oor die liefde van God, die genade van Sy Seun en die wonderlike teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Oor die outeur en finansies.

Die boek word anoniem geskryf. Die doel daarmee is dat alle eer God, vir die skryf van hierdie boek, toekom. Die skrywer was maar net die instrument waardeur God gewerk het. Vandaar dat die skuilnaam *Joas Natan* gebruik word. Joas beteken: *Die Here het gegee*. Natan beteken: *Hy het gegee*.

Die outeur kan gevolglik ook nie aanspraak maak op enige finansiële voordeel uit die druk en verspreiding van die boek nie. Aangesien die boek as ‘n gratis E-boek, vir almal wat belangstel, beskikbaar gestel word, word daar ook geen inkomste uit die boek verdien nie.

5 September 2015 tot November 2023 (Finale samestelling van boek)

Mag God deur die werking van Sy Heilige Gees alle gedagtes wat in hierdie boek opgeteken is, ontsluit soos Hy wil, vir wie Hy wil, wanneer Hy wil.

Joas Natan

22 Februarie

Onbedinkbaar

(Net Globaar)

Hefsiba: My welbehae.

Die mens kan nie God se Grootheid bedink nie. Indien hy dit sou kon doen, sou sy brein uitmekaar gespat het. God is net te groot, te wonderlik, te onverstaanbaar-onbedinkbaar.

Satan het die teendeel vir Eva probeer wysmaak. Volgens hom sou die mens soos God kan word deur alles te ken. Dit is seker die grootste leuen wat ooit op hierdie aarde verkondig is. Die tragiese is dat die mens vandag, 6000 jaar later, nog steeds god probeer wees deur kennis na te jaag. Soms dink die mens dan ook dat hy God is, wanneer hy 'n beperkte insiggie in een of ander aspek ingewin het. God moet seker 'n baie goeie humorsin hê om die belaglikhede van die mens se arrogansie te kan verdra.

Neem net die volgende drie feite oor wat God kan doen en oordeel self of dit vir die mens moontlik is om God in sy denke te omvat:

- 1. Die sterrestelsel waarin ons planeetjie, aarde, is, wentel teen 780, 000 kilometer per uur om sy eie as.*
- 2. Selfs teen hierdie duiseligwekkende spoed neem dit ons sterrestelsel 200 miljoen jaar om **een** omwenteling te voltooi.*

3. Ons sterrestelsel is een van meer as 'n biljoen (1000 miljoen) bekende sterrestelsels.

Indien jy 'n denkbeeld van hierdie drie feite kan vorm is jy nie 'n mens nie. 'n Menslike verstand is nie in staat om hierdie feite te begryp of 'n konsep daarvan te vorm nie. Om iets van die heelal simplisties vir die menslike begrip te maak word verklaar dat daar omtrent soveel sterre is as wat daar sandkorrels op die aarde is. Maak vir jou 'n botteltjie sandkorrels bymekaar en probeer God se grootheid bedink, elke keer wanneer jy daarna kyk. Onthou net, Hy hou die hele skepping in Sy handpalm. Onthou net dat die fisiese werklikheid van God maar net 'n baie primatiewe dimensie van Sy Goddelikheid is. Sy bestaan is eintlik in die geestesdimensie, 'n dimensie wat 'n bietjie hoog vir menslike begrip is. Daar bestaan natuurlik die moontlikheid dat God op baie ander dimensies funksioneer; dimensies waaraan die mens nog nooit eers gedink het nie.

In kort, God is onbedinkbaar vir die menslike verstand. Hy is hoogstens kenbaar ten opsigte van wat Hy gekies het om aan die mens te openbaar van Homself. Die enigste manier wat God daar gestel het om iets van Hom te weet, is deur geloof, wat weer op menslike selfverloëning neerkom; 'n diepe afhanlikheid van God, daar waar die mens hoort, waar hy mens is en God God is.

Joh. 1: 1 tot 3 (Nuwe Testament en Psalms- Direkte vertaling 2014)

In die begin was die Woord

en die Woord was by God

en die Woord was God

Hy was in die begin by God.

Alles het deur Hom ontstaan,

en sonder Hom het selfs nie een ding

wat bestaan, ontstaan nie.

23 Februarie

“One and Only”

Helon: Sterk.

In Markus 12: 29 sê Jesus:

Hear, O Israel! The Lord our God is the one and only God.

Is die God wat jy aanbid die God waarvan hier gepraat word? Hierdie vraag mag dalk vir jou vreemd klink aangesien jy glo dat die God wat jy aanbid wel die God is waarvan hier gepraat word. Maar is dit? Hoe is die *One and Only God* waarvan hier gepraat word? Van die baie dinge wat hier genoem kan word, staan ons vir ‘n wyle by die volgende 10 eienskappe van God stil.

1. *Hy is Almagtig.*
2. *Hy is absoluut Heilig.*
3. *Hy is Liefde.*
4. *Hy haat sonde.*
5. *Hy is alleen God.*
6. *Hy is die begin en einde van alles.*
7. *Hy is tydloos.*
8. *Hy is absoluut regverdig.*
9. *Hy straf sonde.*
10. *Hy vergewe sonde onder sekere voorwaardes.*

Dalk sal jy sê dat jy nie 'n probleem met hierdie God het nie en dat die God wat jy aanbid presies hier beskryf word. Maar is dit so?

- 1. Indien jou God almagtig is, waarom vertrou jy hom nie om die onmoontlike te doen nie, soos om 'n siek mens gesond te maak, of om uitkoms in droogte te gee, of om jou finansiële probleme op te los nie?*
- 2. Indien jou God absoluut heilig is, waarom sal Hy dinge soos homoseksualisme, bestialiteit, saamwoonverhoudings, ontugtige kinders, voorspoedsteologie, humanisme, afgode soos sport en genot duld?*
- 3. Indien jou God 'n God van liefde is, waarom is daar so min liefde en so baie veroordeling in jou lewe?*
- 4. Indien jou God sonde haat, waarom is jy so lief vir sonde?*
- 5. Indien God alleen God is waarom laat jy so baie afgode in jou lewe toe?*
- 6. Indien God die begin en einde van alles is, waarom leef jy asof alles net om hierdie kortstondige bestaan op die aarde gaan?*
- 7. Indien jou God Tydloos is, waarom dink en aanbid jy Hom nie asof Hy tydloos is nie?*
- 8. Indien jou God absoluut regverdig is, waarom probeer jy Sy werk oorneem deur ander gedurig te kritiseer en te oordeel?*
- 9. Indien jou God alle sonde straf, waarom skrik dit jou nie van sonde af nie?*

10. Indien God jou sondes onder sekere voorwaardes afskryf, voldoen jy aan hierdie voorwaardes? Ken jy hierdie voorwaardes?

Ongelukkig is die waarheid dat baie mense vandag 'n God aanbid wat hulle vir hulleself geskep het. Hierdie God voldoen aan hulle eise en hulle verwagtings. Hy is 'n perfekte afgod. Hy bestaan nie, maar baie mense probeer hom laat lewe. Hulle aanbid hom, glo hy sal hulle help, dink hy sal hulle red, en hulle dink hy sal hulle lewensomstandighede draaglik maak en hulle seën. Kom ons kyk hoe 'n tipiese afgod deur hierdie mense vir hulleself geskep word.

Hierdie afgod bestaan en is geskep vir die humanistiese mens en die mens se behoeftes. Die mens leef nie om hierdie god te eer te dien en sy koninkryk te bou nie, nee die god is daar om die mens te dien, die mens se koninkryk te bou en die mens te eer.

Hierdie afgod het nie absolute waardes, soos die Gebod van Liefde of die Tien Geboie nie. Hierdie afgod se waardes is relatief tot die situasie. So kan die mens self besluit wat vir sy afgod aanvaarbaar is soos homoseksualisme, saamwoonverhoudings, voorspoedsteologie, ens. Vir hierdie afgod word dinge soos die huwelik, moraliteit en selfverloëning opgehef, weggeredeneer en verskoon, alles onder die vaandel van liefde en genade. Die heiligheid van die afgod is daarin geleë dat die afgod se moraliteit onaantasbaar is.

Die sentrale tema waarvoor die afgod gebruik word is I, Me and Myself. Met ander woorde die mensgod. Die taal van die afgod is dikwels in die moderne

sielkunde verwoord in begrippe soos Humanisme, self en selfbeeld, selfaktualisering, menslike potensiaal, die inherente goedheid van die mens, die mens se vermoë om enigiets te vermag, ens.

Die afgod is daar om vir die mens genot, rykdom, gesondheid, geluk, voorspoed, gerief en persoonlike sekuriteit te gee.

Die afgod moet 'n valse gerustheid vir die ewige lotsbestemming van die mens in die hemel gee. Gaan kyk maar in 'n kerkhof wat staan op die grafstene van mense geskryf wat 'n leeftyd net hulle eie persoonlike privaat godjie aanbid het en wat mense om hulle glo ten opsigte van die dooie se ewige lotsbestemming.

Diepe skuldgevoelens en beleidenis van sonde pas nie by die moderne mensgemaakte afgod nie. Die mens glo hy is inherent goed en sy god sal hom seën, maak nie saak wat hy doen nie. So word van die afgod geglo.

Die gebed van die sogenaamde gelowige wat hy teenoor sy afgod bid sal miskien soos volg kan lyk:

O, god, dankie dat ek so ryk, slim, onafhanklik, voorspoedig en gesond is. U het my instaat gestel om dit alles self te kon bereik. Dankie dat ek niemand en niks anders nodig het nie en maar net op myself en my eie goeie hoedanighede en bekwaamheid kan vertrou. Help My in my harde werk vir my voorspoed. Dankie vir die insig dat daar nie reg en verkeerd is nie maar dat dit wat werk reg is. Dankie dat ek nie soos die arme ou fundamentele Christene is wat nog in reg en

verkeerd glo nie. Beskerm my intellek teen sulke domheid. U weet wat my doelstellings is vir my eie voordeel, ek glo u sal dit ondersteun. Ek wil geëer word, ek wil vir my 'n magsbasis skep waarvandaan ek ander kan beheer. Ek wil doen wat ek wil. Ek beveel u: "doen dit nou". Amen.

Moontlik sal jou gebed nie so eerlike, onverbloemde afgodsdienste wees nie. Die gevaar is egter nog groter wanneer die kompromis tussen Lig en duisternis, sluipend, listig, geleidelik, subtiel, vermom, onder mooi woorde, toegedraai in sekulêre humanisme, die ware Godsbeeld geleidelik uitwis.

Dalk het dit vir ons almal nodig geword om weer te gaan kyk na die god wat ons aanbid en om seker te maak dat ons God, die God van die Bybel is en nie dalk net 'n karikatuur van ons eie verbeelding is, om ons eie-ek te dien nie.

24 Februarie

“Comrades” van die Lewe

Heman: Trou.

Wedloop teen tyd,

Beloning ewige saligheid.

Dik stroom kom in,

Kruipende, steunende skuifeling,

Oor die eindstreep huilend,

Blydskap sonder end.

Tot die skoot knal,

Die laaste maal.

Geen kanse meer

Tyd het uitgeloop, my Heer.

Verby:

Nooit weer ‘n kans vir weerprobeer.

Satan juigend aan die anderkant,

Siele aan sy kant geplant.

Ewig aan die heil ontruk,

Gedoem tot duiwelse geluk.

Breë stroom bou steeds op,

Ewig deur satan gefop.

Kanse verspeel, misluk,

Gedoem tot ewige ongeluk.

O, Wee,

My God gee:

Tog nog tyd.

25 Februarie

Ons Vader

Hemdan: Bekoorlik.

Jesus is God. Wanneer God vir ons 'n model gee vir hoe ons met Hom kan praat moet ons regop sit en luister. Die Onse Vadergebed in Mat.6:9 is 'n Goddelik gestruktureerde stuk wonderwerk. Kom ons kyk na net een wonderlike stukkie struktuur in hierdie gebed:

Enige staatsbestel kan alleen funksioneer indien daar wet en orde is. Dit wil sê 'n aanduiding is van hoe die land regeer moet word gewoonlik deur wette wat deur die gekose verteenwoordigers van die volk saamgestel word en so die volk se wil uitspel. God het nie mense nodig om vir Hom te sê hoe Hy moet regeer nie. Sy Goddelike wil is perfek. Maar die beginsel van 'n aardse staatsbestel is afgelei van die Goddelike instelling van reëls wat God se wil weerspieël. God se Koninkryk funksioneer volgens vaste reëls waaraan die inwoners van Sy Koninkryk moet voldoen. Alleen in gehoorsaamheid aan God se wil kan Sy Koninkryk ordelik funksioneer. Enige verwerping van God se gesag deur ongehoorsaamheid aan Sy wil vir Sy koninkryksonderdane werk vernietigend in op Sy Koninkryk. Vandaar dan ook die wonderlike derde bede van die Onse Vader:

Laat U wil geskied.

In die uitspraak van hierdie bede onderwerp die bidder hom aan God se wil, spreek hy sy gewilligheid uit om gehoorsaam te wees aan die Koning van die Koninkryk en bring hy so eer aan Sy God. So is die eerste drie bedes van die Onse Vadergebed pragtig logies vervleg. Alles van God is Goddelik. Daarom kan by enige plek in hierdie gebed begin word en is dit moontlik om vandaar by die kernegebed van *Laat U Naam geheilig word*, uit te kom.

In hierdie verband kan ook na die laaste bede gekyk word. Satan word hier vermeld. *Verlos ons van die bose*. So word die eerste en laaste bede in kontras gestel. Alleen in ons losmaking van satan is dit moontlik om ons volkome aan God se eer toe te wy.

Henog: Gewyde.

In 2015 was 15% van die wêreldbevolking, in die ouderdomsgroep bo die ouderdom van 15 jaar, ongeletterd. Dit wil sê daar was 757 miljoen volwassenes op die aarde wat nie kon lees nie (Unesco Verslag).

Al is die Bybel in al die tale van die wêreldbevolking vertaal sou daar nog steeds bykans 'n biljoen mense op die aarde gewees het wat nie die Woord van God sou kon geles het nie, bloot omdat hulle nie kan lees nie. Dit laat die uitstellers onder ons altyd so 'n bietjie veilig voel oor die wederkoms van Christus, wanneer hulle dink dat Christus se wederkoms nog nie op hande is nie, want die Evangeliewoord moet in nog baie tale vertaal word. Die feit is egter dat die Evangeliewoord tans op elke plek op die aarde weerklink in radiogolwe, televisie-uitsendings, telefoon en Sms-boodskappe, uit die monde van sendelinge en uit die monde van baie gelowiges.

Ons is in die eindtyd; kyk die vyeboom is besig om te bot (Luk. 21:29).

Moenie nog langer uitstel nie.

Weet ons, ons wie hierdie geskriffie lees, hoe geseënd ons is. Jesus sê vir die ongelowige Thomas (Joh. 20:27) wat eers wou sien en vat voordat hy bereid was om te glo:

Salig is die wat nie gesien het nie en tog glo.

Ons kan sien. Ons kan lees. Ons het die Woord. Behalwe dat ons tot versterking van ons geloof kan sien en die Woord kan lees, hoor ons ook die Woord; 24 uur 'n dag is daar uitsendings waarna ons kan luister, as ons wil. Ons sien nie net die Woord nie, hoor nie net die Woord nie, maar kan ook die Woord in ons hande neem en dit voel wanneer ons die Bybel opneem. In die Gees kan ons ook aan Jesus raak, Hy die Woord van God, wat lewend geword het en onder ons kom woon het (Joh.1:1). Asof die seën van hoor, sien en voel nie genoeg is nie, kan ons ook die lieflike geur van Sy nabyheid ruik (2 Kor. 2:16) en smaak dat Hy goed is (Ps. 34:9). Alles waarmee ons van ons omgewing bewus kan wees, al vyf ons sintuie, het God ons mee geseën om van Hom bewus te wees.

Benewens die sintuiglike bewuswording van Jesus, het God in Sy goedheid ook vir die wat in Hom glo, 'n sesde sintuig gegee. Soos die mens met sy vyf sintuie van God bewus kan wees, kan die sesde sintuig die bewustheid van God se teenwoordigheid nog verder versterk. In hierdie sesde sintuiglike ontmoeting is 'n stuk misterie weggebêre. Ons weet dat die mens wat tot wedergeboorte gekom het en met die Heilige Gees gedoop, is met 'n persoonlike nuwe taal tot God kan spreek. Hierdie spreek in tale met God, word deur die Heilige Gees gedoen. Die Heilige Gees is gereed en bereid om vir ons in te tree by God enige tyd wanneer ons Hom die geleentheid daartoe bied. In die praat met God deur die taal wat Hy vir ons gee, weet ons verstand nie wat die Gees bid nie. Ons weet dat die Heilig Gees perfek vir ons intree volgens ons behoeftes en altyd binne die wil van God

optree (1 Kor. 14). Hierdie sesde sintuiglike kommunikasie met God is alleen deur geloof moontlik. Indien die mens nie glo wat God vir ons in Sy Woord ten opsigte hiervan opgeteken het nie, sal die mens nooit hierdie teken van Sy geloof in God deelagtig word nie. Markus verklaar die volgende van die tekens van ons geloof in God:

*Die volgende wondertekens sal voorkom by die wat glo: In My Naam sal hulle duiwels uitdrywe, **in ander tale sal hulle praat**; met hulle hande sal hulle slange optel, en as hulle gif drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal siekes die hande oplê, en die sal gesond word (Markus 16:17).*

Aan die vyf tekens wat vir die mens gegee word dat hy tot geloof gekom het, sal die ongelowige ongelukkig nie deel hê nie. Al het jy net die een teken van die *praat in ander tale*, dien dit nog steeds as ‘n wonderlike bevestiging van jou geloof in die Lewende God.

Mag jy wat geseën is met die vyfsintuiglike ervarings van God, ook in hierdie sesde sintuiglike bewuswording van Sy wonderlike teenwoordigheid deel. Mag jy, wanneer die Heilige Gees vir jou intree by God, in geloof alles wat Hy met God gespreek het bevestig, deur ‘n stamelende: ***Amen Toda. (Mag dit so wees, baie dankie.)***

27 Februarie

Onskuldig Edelagbare

Hesmon: Vrugbaarheid.

Hoe pleit jy?

Skuldig u edelagbare

Jy word ter dood veroordeel vir jou misdade.

Dankie U edelagbare.

Is daar enige versagtende omstandighede?

Kan 'n mens wat dood is sy vonnis uitdien u edelagbare?

Natuurlik nie. As jy dood is bestaan jy nie meer nie en daar is niemand oor om die vonnis uit te dien nie. Waarom vra jy so 'n eenvoudige vraag?

Edelagbare dan sal ek nie my vonnis kan uitdien nie. Ek is reeds dood. Die mens wat die misdade gepleeg het bestaan nie meer nie. Dit wat u voor u sien is 'n nuwe mens, 'n mens wat weer gebore is. Die ou mens is dood en begrawe. Indien u my nie glo nie kan u vir Jesus vra. Hy sal dit bevestig. Om die waarheid te sê, ek het juis saam met Jesus gesterf toe Hy aan die kruis op Golgota gekruisig is. Dit wat u nou voor u sien is die nuwe mens wat saam met Jesus begin lewe het toe Jesus uit die dood opgestaan het.

In daardie geval bevind ek u onskuldig. U kan maar gaan.

Kommentaar

In Gal.2:20 staan:

Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.

Nadat die ou mens saam met Christus gesterf het, is 'n nuwe mens gebore, die een waarin Christus nou lewe. Soos die eerste mens uit die vrugwater van die moederskoot gebore is, is die nuwe mens uit die water van die bekeringsdoop gebore. Soos die ou mens deur die gees van die eie ek beheer is, word die nuwe mens deur die inwonende Heilige Gees van Jesus beheer. Soos die eerste vleeslike mens na sy geboorte begin asemhaal het om te lewe, so haal die nuwe mens asem met die asem van God, die Heilige Gees, die Ruach, die wind van God. Soos die ou mens deur die sintuiglike uiterlike geprikkel en gestuur is om die drifte en drange van die vleeslike uit te leef word die nuwe mens innerlik gedring deur die Gees van God om die vrug van liefde, vrede en vreugde te dra. Daarom is dit moontlik vir die nuwe mens om altyd te kan bid, altyd in Jesus te bly, voortdurend bly en dankbaar te wees en om die wil van sy Vader te doen. Die nuwe mens sondig nie meer nie (1 Joh. 3: 6 en 18). Die genade van God is voortdurend vir hom daar soos Jesus aan die regterhand van God vir Sy duurgekoopte kind intree met Sy verdienste. So word die nuwe mens nie meer veroordeel nie. Weliswaar sal hy beoordeel word om sy loon te ontvang, afhangende van hoe sy werke die toets van God se beoordeling sal kan deurstaan.

Dus onskuldige nuwe mens

Hiddai: Vrolik.

Wat beteken dit om oor te gee? Dit kan wees dat jy opgee; dat jy iemand of iets erken asof dit jou baas is (Soos wanneer iemand jou in 'n dodelike greep het tydens 'n stoeigeveg). Dit kan ook beteken dat jy iets wat jy besit oorgee aan iemand anders (Soos wanneer jy die bestuur van jou onderneming oorgee aan jou seun). Dit kan ook wees dat jy iets, al is dit nie jou eie nie, vir 'n rukkie in jou besit het en dit dan aan iemand anders oorgee om daarmee te hardloop soos 'n aflosstokkie. So is daar seker nog ander betekenisse wat aan oorgee gekoppel kan word. Vir ons doel sal oorgee in verband gebring word met die lewe wat aan 'n mens toevertrou word. Die Bybel sê dat mens jou lewe sal verloor indien jy krampagtig daaraan vashou en nie bereid is om dit oor te gee nie. Die Bybel sê ook dat 'n mens net jou lewe kan red indien jy dit opgee en ter wille van Jesus verloor.

Johannes 12:25

'n Mens is so deel van sy eie lewe dat *ek* en *my lewe* amper sinoniem is. Is dit waarom Jesus gesê het dat indien iemand agter Hom wil aankom, die persoon homself eers moet verloën?

Jesus is by uitstek die Een wat Homself verloën het. Hy het Sy lewe opgegee en vrywillig afgelê. Meer nog Hy het Sy Koningskap in die hemel prysgegee vir 'n

eenvoudige bestaan hier op die aarde. Hy het al sy luister en eer opgegee toe Hy aarde toe gekom het. Die aardse besittings en roem het vir Hom min beteken. Satan kon Jesus nie verlei met dit wat vir die mens so kosbaar is nie:

Lukas 4: 6

And he (satan) said to Him (Jesus), To You I will give all this power and authority and their glory (all their magnificence, excellence, pre-eminence, dignity and grace), for it has been turned over to me, and I give it to whomever I will.

Interessant dat juis die dinge wat vir die mens so kosbaar is, die dinge is wat satan vir Jesus aanbied om Hom te verlei om satan te aanbid. Dit is dinge wat so hoog deur die mens aangeslaan word en so moeilik oorgegee word;

Mag, gesag oor mense, eer en respek, waardigheid en betitting.

Jesus het 'n geweldige hoë prys betaal om ons vir Hom te koop. Hy het met Sy bloed, lyding, doodsangs, vernedering, pyn, verwerping, en met Sy lewe vir ons betaal. Hy het ons gekoop, losgekoop, as Sy eiendom gekoop. Ons behoort nie aan onself nie. Miskien kan jy die lewe vir jouself opeis vir die kortstondige aardse bestaan maar dan moet jy vir die volle ewigheid in die helse vuur, vir jou dwase keuse boet. Wil jy nie maar dit wat nie aan jou behoort nie, aan die Regmatige Eienaar oorgee nie? Wil jy nie maar jou lewe, waarvoor Jesus so duur betaal het, aan Hom oorgee nie? Hoe kan jy dit wat so duur gekoop is van die Eienaar weerhou? Weet dat indien jy kies om jou lewe, wat eintlik aan Jesus

behoort, aan Hom oor te gee, jy deel kry aan die Goddelike belofte van die grootste geskenk wat 'n mens hier op die aarde kan ontvang. Jy weet mos: die skat van die ewige lewe saam met Jesus in Sy koninkryk.

Hobab: Die Geliefde.

Adam het in die paradys gewoon. Alles is vir hom voorsien in hierdie wonderlike plek. Daar was bome met vrugte, 'n perfekte klimaat sonder die nodigheid van skuiling of van klere. Hy het met God gewandel. God het volkome vir hom gesorg.

Na die sondeval het Adam se paradysbestaan, met God se totale voorsiening, tot 'n einde gekom. Hy sou nou hard moes werk om uit die vervloekte aarde 'n bestaan te probeer maak.

Die toppunt van die stryd om op die aarde te oorleef het gekom toe Israel in Egipte as slawe gewerk het tydens hulle 430 jaar verblyf in Egipte.

Die dood van die eersgeborenes onder die Egiptenare het vrylating vir Israel gebring. Die slawejuk is afgegooi en die Israëliete kon die moeisame tog na die Beloofde Land aanpak.

Hulle is deur die Dooie See gered terwyl die Egiptiese leer in die see verdrink het. So is Israel se vrymaking bevestig soos in die gelowige se bekeringsdoop vandag.

Hierna het die woestyntog begin. Vir 40 jaar sou Israel so in die woestyn rondtrek. Daar was omtrent 2 tot 3 miljoen mense. Die woestyn waarin hulle rondgetrek het was 'n woestyn in die ware sin van die woord. Daar was niks in hierdie

woestyn nie. Daar was nie water nie, nie kos nie, nie winkels waar hulle benodighede kon koop nie. Hulle het nie spaar klere of skoene gehad nie. Daar was niks nie.

Hoe het hierdie mense vir 40 jaar oorleef in die woestyn?

Hulle het op dieselfde manier as Adam oorleef. Hulle het nie nodig gehad om te ploeg en te plant nie, om putte te grawe nie, om klere te weef nie. God het alles voorsien. Hy het 'n skuiling in die vorm van 'n wolk gegee teen die verwoestende son, en 'n vuurkolom om die woestynkoue in die nag af te weer. Hy het water voorsien, soms uit 'n rots. Hy het voedsel voorsien in die vorm van manna en kwartels. Die Israeliete se klere het nie verslyt nie en so het hulle nie ekstra klere nodig gehad nie. Hulle het 'n paradysbestaan in die woestyn gehad.

Ook ons het vanuit die slawebestaan van die sonde verlossing ontvang. Ons het ook deur die doopwater van die Dooie See van selfverloëning ons vrymaking gekry. Ook ons is van die onderdrukking van die slawemeester, satan, losgemaak. Ook ons kan die paradysbestaan tydens ons aardse lewe beleef. In hierdie paradysbestaan sal ons ook niks besit nie, ons sal nie self kan voorsien nie, ons sal van God afhanklik wees vir skuiling, voedsel en water, kos en beskerming. Ons sal net so weerloos en hulpeloos wees soos Israel in die woestyn. Juis daarin, in ons totale afhanklikheid, sal ons die paradys beleef. Ook vir ons sal die paradys daarin geleë wees dat Hy vir ons sal voorsien. Daarom kan ons maar rustig woon en werk (Ps 37:3) en Hom vertrou om selfs in die totale niks van die woestyn

vir ons alles te gee wat nodig is. Ons sal dus nie nodig hê om self te probeer vrugtebome plant in die woestyn nie. Dit sal nie werk nie. Ons hoef ook nie oor die res van ons lewens bekommerd te wees en te wonder hoe God vir ons water en kos vir 40 jaar in hierdie dorsland van die lewe gaan voorsien nie. Hy verwag van ons om soos Israel elke dag gelowig Hom te vertrou vir totale voorsiening. Ons groot troos lê daarin dat ons reeds baie naby ons Beloofde Land is, dat ons net nog vir 'n klein tydjie moet wag. Ons sal spoedig deur die Jordaan ons Beloofde Ewige Tuiste betree.

Goddank tot in alle ewigheid

Hori: Vry.

Selfkruisiging is baie soos **selfverloëning**.

Selfverloëning is baie soos om **afhanklik** te word.

Om **afhanklik** te word is soos om bereid te wees **om te vra**.

Vra is om **toe te laat** dat jy gehelp word.

Bereidheid om **gehelp** te word is soos om **oor te gee**.

Om **oor te gee** is soos om te begin **vertrou**.

Om te **vertrou** is soos om te **steun op**.

Om te steun op is soos om **gereed te wees en oop te wees**.

Om oop en gereed te wees vir God se redding, liefde, vergifnis, hulp en inwoning.

1. Kern van die Bybel:

God is God. God is nie vir die mens gemaak nie.

Die mens is vir God gemaak.

2. **Sonde** is die mens se poging om God se plan en God se wil om te keer; die mens wil self God wees en wil God vir sy eie selfsugtige doel gebruik.
3. **God se liefde** het niks met die mens se verdienste te make nie. Dit het alles net met God te make. Hy is God – nie die mens nie.
4. It is not what you say or how you say it. It is God in you who imparts his power to others. (Angus Buchan)

5. I saw them with the eyes of Jesus and my heart broke for them (Angus Buchan).
6. Compassion is the key to effective ministry, and faith works through love (Angus Buchan).
7. Most blessed is the man who believes in, trusts in and relies on the Lord, and whose hope and confidence the Lord is.
8. Alleen wanneer ons God se wil doen kan ons een met Hom wees. Dan kan ons bid: *Laat U wil geskied.*
9. Wat is die afgode wat die mens vandag vir homself gemaak het?
Waarop vertrou die mens?
Waarin en wat glo die mens?
Waaraan hou hy vas?
Waarvolgens rig hy sy lewe in?
Wat bestudeer hy om koers aan sy lewensbesluite te gee?
Wat is die mens se lewens storie, dit wat sin aan sy bestaan gee?
Watter bron is vir die mens aanvaarbaar as waar?
10. Dit is Goddelik om beproef te word. Daarom moet jy nie jouself beproef nie. Hoe beproef die mens homself? Deur homself bloot te stel aan inligting wat hy nie positief kan verwerk nie. Wanneer jy klaar jou koerant gelees het of televisienuus gekyk het en dit is vir jou moeilik om mense vir die dinge wat hulle gesê en gedoen het te vergewe, het jy jouself beproef en het jy die toets gedruip.

11. Waarom wil jy graag eendag hemel toe gaan?

Wil jy graag in die hemel wees vir die stilte wat jy glo jy daar sal ervaar, of wil jy die vrede ervaar. Gaan dit oor die saligheid of oor die rus. Indien dit jou motivering is gaan jy dalk die hemel misloop want al hierdie dinge gaan oor jouself. Wil jy nie maar net hemel toe gaan om God se teenwoordigheid te ervaar nie.

Die regte redes sal met God te doen hê. Dit sal daarvoor gaan om God te verheerlik, om as deel van Sy koninkryk Hom te dien en om Hom perfek lief te hê en so Sy wil te doen.

Hosa: Toevlug.

Jer. 15:19 Amplified Bible:

If you give up this mistaken tone of distrust and despair, then I will give you again a settled place of quiet and safety, and you will be my minister.

-----if you cleanse your heart from unworthy and unwarranted suspicions concerning God`s faithfulness, you shall be my mouthpiece.

1. Die sodomis sê: *Ek het besluit ek is so gemaak en daarom is dit nie meer sonde nie. Die natuurlike mens se drange en drifte is natuurlik bepaal en is geneties oorgedra. Ek kan nie help nie. Ek is wat ek is.*

Regtig?

Die natuurlike mens wil net vir homself leef ook op vele ander terreine. Die klein kindjie hoef nie selfsug en sonde te leer nie. Hy is van nature so. Hy gryp wat hy wil hê, hy sal die ander een oor die kop slaan om sy goed te beskerm, hy vertel leuens, hy manipuleer en steel maklik. Die mens word in sonde ontvang en gebore maar dit gee nie vir hom die reg om sy eie selfsugtige drange en behoeftes die res van sy lewe uit te leef nie. Hy mag nie as volwassene moor, roof en verkrag omdat hy in sonde ontvang en gebore is nie. Iewers langs die lewenspad moet die mens keuses ten opsigte van sonde begin uitoefen. Die maklike uitweg sou dan wees om te sê dat

homoseksualisme nie sonde is nie en dat die Bybel verkeerd is. Sommige kerklike sinodes het hierdie pad begin loop.

2. Liefde is in sy diepste wese die weggee van die self. Dit is die vervulling van die Wet van Christus. Liefde is die omgekeerde van die sondeval in die paradysgeskiedenis. Hier het die mens gevat in plaas van om te gee.

3. Prayer is the key to heaven

But it is faith that unlocks the door.

4. Never trust circumstances or human wisdom.

5. Mat. 6:33

When you put the Kingdom of God first He provides everything else.

6. Make a decision to believe God for-----

Proclaim Ps. 91

Trust God to-----

Why not believe Him now for your miracle?

7. Jesaja moet vir Hiskia sy doodsvonnis gaan aankondig. God het besluit dat Hiskia moet sterf. Jesaja doen wat God hom beveel om te doen. Jesaja weet egter nie dat hy met sy eie doodsvonnis besig is nie. God gaan Hiskia se gebed verhoor en Hy gaan Hiskia 15 jaar langer laat lewe. In hierdie tyd gaan Hiskia die pa word van 'n seun met die naam

van Manasse. Manasse gaan 'n baie slegte koning wees en gaan onder andere Jesaja middeldeer laat saag.

8. As ek verstaan en ken, voel dit vir my of ek beheer het oor my situasie. Wanneer ek afhanklik word, nie verstaan nie, nie weet waarheen God met my oppad is nie verstaan ek nie, die pad ken ek nie en die enigste manier om voort te gaan is om God te vertrou. Dit is of ek of God.
9. Beveg jy die lawaai om jou met die wapens van lig of duisternis? Die wapens van lig sal dinge wees soos vergifnis vir die wat so lawaai, om in te tree vir die wat jou vrede probeer steel, om jouself te verloën en die ander se belang bo jou eie te stel. Die wapens van duisternis sal wees om te haat, te vervloek en wraak te probeer neem. Indien jy laasgenoemde kies, veg jy met die wapens van duisternis teen die koning van die duisternis en gaan jy beslis tweede kom.

Hosea: Verlossing.

Dr. Braam Hanekom (Kruiskykprogram 17.07.16) vra tereg sekere vrae na aanleiding van Psalm 146 soos:

Hierdie is 'n lofpsalm oor die goedheid en getrouheid van God. Hoe is dit moontlik dat daar te midde van soveel gebede na God nog al die ellendes voorkom waarvan hier gepraat word: Verdruktes, hongeres, die in gevangenis, blindes, bedruktes, vreemdelinge, weduwees en weeskinders?

Na aanleiding van hierdie psalm bied Dr. Hanekom sekere perspektiewe op gebed soos die volgende:

- 1. Vanweë die mens se sondige en selfsugtige aard is die mens geneig om dikwels onvanpaste gebede te bid. Dit is nodig dat onder die leiding van die Heilige Gees gebid word.*
- 2. God kan nie vir alles ja sê nie. Indien Hy sou, sou daar vandag mense gewees het wat 'n paar duisend jaar oud was.*
- 3. Ons is deel van 'n groot misterie wat soms vir die mens onverklaarbaar is. Dink maar aan Job se wroeging om iets van sy lyding te verstaan.*
- 4. God beantwoord ons gebede soms op verrassende maniere, soms heelwat later as wat ons gebid het en soms op ander maniere wat groter voordeel vir ons inhou.*

5. *Soms antwoord God ons gebede letterlik en soms geestelik. So ontvang ons soms geestelike brood terwyl ons vir fisiese brood wag.*

Dit is nodig dat ons die model wat Jesus vir Sy dissipels geleer het in gedagte hou. Die eerste drie bedes van die Onse Vadergebed is 'n goeie leidraad naamlik:

1. Gaan dit oor God se eer?
2. Gaan dit oor Sy koninkryk?
3. Gaan dit oor Sy wil vir ons en die wêreld?

Dit is verder nodig dat die bidder in alles dankbaar sal wees in die wete dat God die beste weet. Selfs Jesus moes in Sy grootste nood bid: *Nie My wil nie maar laat U wil geskied (Mat. 26:39).*

Isak: Gelag.

Wanneer die mens oortree word hy gestraf. Die straf is pynvol. Gewoonlik veroorsaak die pyngeslag dat die mens nie weer wil oortree nie. Om die goeie te leer doen gaan gewoonlik met hierdie proses gepaard. Gewoonlik leer die mens die regte optrede deur pynvolle gevolge van die verkeerde optrede.

Een van die belangrikste dinge wat 'n mens in sy lewe moet leer is om van wantroue na vertroue te beweeg. Moontlik is dit omdat die mens van nature in die wêreld inkom met 'n vertrouende houding. Gewoonlik word die mens se vertroue geskok en leer hy om van nature wantrouend te raak. Soms is hierdie wantroue so diep in die mens gesetel vanweë die pynvolle leer dat mense nie betroubaar is nie, dat dit moeilik vir so 'n persoon is om weer by vertroue uit te kom. So word wantroue een van die magtigste wapens in satan se hande. Dit is immers onmoontlik om God te vertrou vir Sy liefde en genade indien jou lewe vasgevang is in wantroue. Hoe kan die persoon wat alles en almal wantrou die Heilige Gees vertrou en volle beheer aan die Heilige Gees oorgee? By die wantrouende persoon sal die vrees van oorgawe aan die beheer van die Heilige Gees geleë wees in wantrouende verwagtings dat die Heilige Gees hom of haar sal blootstel aan situasies en eise wat die persoon nie kan of wil hanteer nie, soos om vir ander te preek of na 'n ver land as sendeling te gaan. Die persoon wat Jesus nie ten volle vir die vrypraak van sy sondes kan vertrou nie, sal gedurig weer terugval op 'n

verdiensde godsdiens waar hy sal probeer om sy saligheid te verdien deur self goed te doen. So 'n persoon sal homself ook nie kan vergewe nie want basies is daar ook sterk wantroue in homself. Die vergifnis van ander is ook nie moontlik nie want daar sal altyd die verwagting wees dat die ander persoon hom gaan teleurstel.

Die enigste uitweg uit hierdie self- en andervernietigende wantroue is genade. Indien God jou begenadig met geloof dat Hy almagtig is en as sulks jou gedagtes kan nuut maak, jou slegte ervarings kan uitwis, jou 'n nuwe liefdevolle vertrouende hart kan gee, kan jy uit die doodsdoelhof van wantroue ontsnap. Die kern van vertroue sal alleen in die liefde, as vrug van die Heilige Gees se inwoning in jou lewe, te vinde wees. In 1Kor. 13 staan van die liefde dat dit alles verdra, dat dit die beste van ander verwag, dat dit alles glo. Enige mens sal vir jou kan sê, dat wanneer jy die beste van jou medemens verwag, alles glo wat hulle vir jou vertel, alle mense vertrou, jy 'n wenresep vir pyn, skade, verlies en hartseer het. Nou kom ons nader na Jesus se uitspraak toe dat ons dit moeilik in hierdie lewe sal hê, dat ons soos Paulus baie pyn en lyding sal deurmaak, dat ons geseënd is wanneer ons vervolgd word en verneder word ter wille van ons gehoorsaamheid aan Hom. Liefdevolle vertroue kom nie goedkoop nie. Die prys wat daarvoor betaal word is soms hoog maar die gevolg daarvan is 'n hemelse skat waarmee niks op hierdie aarde vergelyk kan word nie. Dan word die pyn van liefde verstaan

en kan ons begin identifiseer met die grootste pyn wat ooit terwille van liefde gely is, toe Jesus vir ons sondes op Golgota gesterf het.

Jesus het alles geweet toe Hy op die aarde was. Daarom kon Hy uitsprake maak oor mense, soos, dat hulle jakkalse is of slange of addergeslag want Hy het in hulle harte ingekyk. Dit was nie vir Hom nodig om mense te vertrou nie want Hy het hulle korrupte aard oop en bloot in Sy alwetenheid gesien. Sy plan vir ons lyding het egter van ons verwag om te vertrou en die beste van ons medemens te verwag. Tog het Hy ook vir ons 'n mate van voorkennis en ervaringskennis gegee om in hierdie lewe te gebruik. Indien jou voorkennis van iemand is dat die persoon alreeds baie ander mense bedrieg het, sal dit dom van jou wees om hierdie persoon net blindelings te vertrou vir die goeie. Daarom sal God sekere voorkennis aan jou gee. Soms sal jy baie mooi moet luister om die influistering van die Heilige Gees in jou lewe te hoor wanneer Hy jou waarsku: *Moenie hierlangs loop nie, loop liever daardie pad (Jes. 30;21).*

Daar is mense op jou lewenspad vir wie jy baie lief is. Hierdie mens moet vertrou word om jou beste belang op hulle harte te dra. Indien jy hierdie geliefdes van jou met wantroue hanteer, verwoes jy hulle goeie gesindheid teenoor jou. Al het jy 'n worsteling met wantroue, vanweë ander se optrede teenoor jou in die verlede, kan jy nie toelaat dat daardie slegte ervarings die wat die naaste aan jou is, seermaak met jou skeptiese wantroue oor hulle motiewe nie. Niemand is perfek nie en daarom sal die geliefde ook foute maak maar dan sal jou liefde 'n streep

daardeur trek. Jy sal vergewe soos God jou vergewe het, sonder om ooit weer daaraan te dink. Jy sal sonder wantroue vertrou, verdra, alles glo en net altyd die beste van jou geliefde verwag. Mag God ons daartoe help. As liefde jou nie daartoe kan bring om jou geliefde te vertrou nie is jy baie arm. Die gevaar van wantroue is daarin dat jy in wantroue baie selfsugtig poog om jouself te beskerm. Indien jy vertrou en jy word teleurgestel in jou vertrou, is jy besig om die pyn van die leerproses te ervaar. Jy leer dat Goddelike liefde wantroue kan oorbrug. Jy leer ook dat God se liefde vir jou blywend is, afgesien van die pyn wat Sy teleurgestelde verwagting in jou gebring het, toe jy oortree het. Hierdie vergewende liefde van God en Sy voortgesette vertrou in jou stel jou in staat om ook die brug van teleurstelling in 'n geliefde, wat jou faal, oor te steek. Jou liefde wat alles verdra, alles glo en net die beste van die ander een verwag stel ook jou geliefde in staat om so teenoor jou op te tree want ook jy is nie perfek nie en maak ook foute. Niks bou 'n mens so op as 'n ander se vertrou in joue nie en niks verwoes 'n mens so as 'n ander se wantroue in jou nie. Ook hier is die pyn van leer ter sprake.

Isebel: Maagdelik.

In 2016, in Suid-Afrika, is die algemene persepsie van die regering van die dag die volgende:

Daar is 'n sterk sosialistiese inslag in die regering. Soms neig dit na kommunisme toe. Die meerderheidsparty, die ANC, is sterk op nepotisme ingestel; familie, vriende, struggle buddies, en mense wat individue in die regering finansiëel kan bevoordeel word beloon, vergoed, omgekoop en in magsposisies aangestel. Die leier van die regering het bykans onbeperkte mag en minimum verantwoordbaarheid. Hy kan aanstel wie hy wil in watter posisie hy wil. Hy kan sy amptenare bevoordeel soos hy wil, ten koste van die res van die volk. Hy het deur die regering grootliks mag om wette te maak soos hy wil, selfs om mense se grond te onteien. Hy het mag om wette te maak wat die belastinglas op 'n deel van die bevolking bykans onhoudbaar maak. Die mense bid vir uitkoms maar die Here doen niks nie.

Hierdie is 'n bykans woordelikse parafrase van 1Samuel 8: 11 tot 18. Dele van hierdie gedeelte, soos opgeteken in die Bybel vir Almal, lui so:

11. Hy (die Here) het gesê: “ Die koning wat oor julle sal regeer mag baie dinge doen: Hy sal julle seuns vat en hy sal hulle aanstel.....om sy grond te ploeg en koring te saai en af te sny.....Hy sal julle dogters vat om vir homte bak

en te kook. Hy sal julle beste lande, wingerde en olyfboorde vat en hy sal dit vir sy amptenare gee. Hy sal 'n tiende van julle duiwe vat en dit vir sy offisiere en amptenare gee. Hy sal julle bestevat en gebruik om vir hom te werk. Hy sal 'n tiende van jullevat en hy sal hulle gebruik om vir hom te werken julle sal self sy slawe wees. 18. Dan sal julle bid en vra dat die Here julle moet help teen die koning, wat julle wou hê, maar die Here sal julle nie antwoord nie.”

Die konteks van hierdie gedeelte is 'n deel van Israel se geskiedenis wat nie baie mooi is nie. Israel was ontevrede met God se leiding. Hulle het Samuel gevra vir 'n koning soos die heidennasies om hulle gehad het. Hulle het geglo dat 'n mens die werk wat God gedoen het beter sal kan doen. God het hulle gewaarsku soos ons in die opgetekende gedeelte gesien het. Die vergoddeliking van die mens in die vroeë Humanisme het egter die deurslag gegee in die volk se keuse. Dat God diep seergemaak was, blyk uit die volgende aanhaling:

1 Samuel 8:7: Samuel het tot die Here gebid, en die Here het vir hom gesê: “Jy moet alles doen wat die volk wil hê, want dit is nie vir jou wat hulle nie wil hê nie, dit is vir My wat hulle nie wil hê nie. Hulle wil nie hê dat Ek hulle koning moet wees nie. 9 Maar nou moet jy doen wat hulle vra. Jy moet hulle net eers ernstig waarsku en vir hulle sê wat die koning alles mag doen, die koning wat oor hulle sal regeer”.

Ons wat in 2016 leef is nie veel anders as die Israëliete wat meer as 3000 jaar gelede hierdie keuse vir 'n aardse koning, uitgeoefen het nie. Vir 'n groot deel

van ons bevolking is God se leiding ook nie goed genoeg nie en soek hulle, hulle eie koning. Dink maar aan watter wetgewing en leefstyl die bevolking verkies. Die volk kies vir aborsie, homoseksuele huwelikke, drankmisbruik, liberalisme, menslike losbandigheid, korrupsie, dobbelhuise, luiheid, die verwerping van die huwelik, veelwywery, en nog vele meer, dinge wat 'n direkte verwerping van God se leiding is. Vir die meeste van hierdie dinge het mense gestem toe hulle vir die sterkste politieke party en die sterkste opposisie party gestem het.

Daarom maak dit geen sin dat die mense van hierdie land bid vir verligting van 'n onderdrukkende regering nie. God het die mens 3000 jaar gelede in hierdie verband duidelik gewaarsku:

Sam. 8:18: Dan sal julle bid en vra dat die Here julle moet help teen die koning wat julle wou hê, maar die Here sal julle nie antwoord nie.

Om sout in die wonde te vryf is die volgende vir ons in Romeine 13:1 en 2 opgeteken:

Elke mens moet gehoorsaam wees aan die regering wat oor hom regeer.....en God sal almal straf wat ongehoorsaam is aan die regering.

Ook Jesus het gely onder die keuses wat die Israeliete 'n duisend jaar voor sy kruisiging gemaak het ten opsigte van 'n sekulêre koning. Koning Herodus het hom uitgelewer om verhoor, gevonnissen en gedood te word.

Indien ons God nie as koning kies nie moet ons nie huil oor ons huidige regering
nie.

Jaësia: Die Here troos.

In Lukas 13: 3 begin Jesus die gelykenis van die Saaier vertel en vanaf vers 19 verduidelik Hy wat hierdie gelykenis beteken. Die gelykenis is baie bekend en daarom word net enkele aspekte hiervan uitgelig.

1. Die saad wat op die grond langs die pad geval het is die Woord wat aan mense verkondig word maar omdat hulle dit nie verstaan nie, verloor hulle die inhoud daarvan gou omdat satan die Woord uit hulle harte steel. Wat is ons as gelowiges se verantwoordelikheid teenoor hierdie mense?

*Ons moet sorg dat daar **genoeg** van God se woord gesaai word, tydig en ontydig, sodat daar nog Woord sal oor wees al steel satan daarvan. Ons moet ook sorg dat die Woord so **eenvoudig** moontlik gebring word sodat elkeen dit sal verstaan. Saai elke dag indien nodig in mense se lewens die saad so eenvoudig as wat jy kan.*

2. Die saad wat op die klipperige grond sonder diepte gesaai word is die woord wat gesaai word en begin groei, maar omdat daar nie diepte van grond op die klipbank is nie, is daar nie 'n goeie wortelstruktuur nie en by die geringste toets verwelk die plant. Dit is die mens wat die woord hoor, dit verstaan en met blydskap daarop begin reageer. Daar is egter nie diepte in hierdie mens se geestelike lewe nie en by die geringste toets verwelk hierdie persoon se geestelike lewe.

Wat is ons verantwoordelikheid teenoor hierdie tipe mens?

*Ons moet die woordplantjie gereeld **natgooi** en genoeg **kunsmis** gee. Ons moet die woord **oppas**, **vertroetel** in ander se lewens, dit gereeld **herhaal**, dit gereeld verduidelik en **versterk** (moontlik die plantjie stut deur ons teenwoordigheid) en God die Heilige Gees vertrou om die voedingstowwe van oorlewing van Sy woord te voorsien.*

3. Die derde groep saad val op goeie grond, dit ontkiem, dit het diepte maar daar is so baie bossies en onkruid sodat die saad wat opkom verstik raak. Die dorings dui op bekommernisse oor die lewe en die gejaag na rykdom. Hoe moet ons teenoor hierdie groep mense optree?

In Mat. 6: 33 word ons opgeroep om eers Sy koninkryk te soek en dan sal al die ander dinge bygevoeg word. Die mense sal dus moet leer om hulle prioriteite reg te kry. Jesus sê ook dat ons ons nie moet bekommer nie maar moet gaan kyk na die voëltjies en raaksien hoe God hulle voedsel voorsien. Ons moet ook die blommetjies dophou en onthou dat selfs Salomo in al sy weelde nie bekleed was soos een blommetjie nie. Ons sal die broer en suster wat hiermee probleme het moet ondersteun met God se Woord en vir hulle die foute uitwys wat hulle op die lewenspad begaan.

4. Die vierde groep mense is die wat vrug dra.

Wat is ons verantwoordelikheid teenoor hierdie groep mense?

Ons moet vir hulle bid, hulle ondersteun, God se Gees toelaat om hulle te lei en te bekragtig en God voortdurend vir hulle dank.

Jesus is die Brood van die lewe.

Ons weet dat God die opdrag in Eksodus 20 gee dat ons ses dae moet werk en die sewende dag moet rus. Die sewende dag sal dan die rusdag vir die mens wees en 'n dag om aan God toe te wy. Dit sal as die Sabbatdag bekend wees. In ons huidige tydsindeling sal dit Saterdag wees, 'n naam afgelei van Saturn, die Romeinse god van landbou wat volgens die heidense oorlewering regeer het tydens die tydperk van geluk en deugdelikheid. Hierdie opdrag ten opsigte van die Sabbat, was deel van die tien gebooie wat God aan ou Israel gegee het. Dit was wet. Om gered te kon word, moes die mens die wet nakom. Hy moes die wet doen. Indien jy een van die wette oortree het, het jy die hele wet verbreek. Judaïsme ondersteun vandag nog steeds die onderhouding van die Sabbat. Indien jy kies om onder die wet te lewe, kies jy teen die genade, vir jou redding. Die Sewende Dag Adventiste (SDA) is sterk voorstanders van die onderhouding van die Sabbat. Die onderhouding van die Sabbat vorm die kernpunt van hulle geloof. Hulle gebruik trouens die onderhouding van die Sabbat om te bepaal of jy die merk van die Dier van Openbaring dra. So word die Rooms Katolieke Kerk en die Hervormingsbeweging wat Sondag as die rusdag gebruik deur hulle verdoem as draers van die merk van die Dier. *SDA condemn all Sunday-keeping mainstream churches (Dale Ratzlaff: Truth about Adventists Truth p. 38).*

Die vraag ontstaan dan waarom het die hoofstroomkerke gekies om die eerste dag van die week, te wete Sondag te hou as die rusdag en die dag om aan die Here toe te wy? Daar kan seker baie redes aangevoer word. Kom ons kyk na enkeles wat gewoonlik gebruik word:

1. Jesus het op die eerste dag van die week, dit wil sê **Sondag**, uit die dood opgestaan. Hierdeur is die mag van satan oor die mens finaal, volkome verbreek. Dit is seker die heuglikste dag vir enige Christen en daarom gepas dat die opstandingsdag deur geen ander dag op die Christelike kalender oorskadu sal word nie.

Johannes 20:1

*Die **Sondagmôre** vroeg, toe dit nog donker was, kom Maria Magdalena, by die graf en sien dat die klip van die graf af weggerol is--*

2. Die Heilige Gees is op die eerste dag van die week, naamlik **Sondag**, uitgestort. Die Heilige Gees is op Pinksterdag uitgestort.

Handelinge 2 meld uitdruklik dat die uitstorting van die Heilige Gees plaasgevind het toe die gemeente bymekaar was om die Pinksterfees te vier. Daaruit kan afgelei word dat dit nie maar toevallig was dat die Gees op die Pinksterfeesdag gekom het nie, net so min as wat dit toevallig was dat Jesus op die Paasfees gesterf het en op die eerste dag van die week opgestaan het (Prof. Gispens e.a.: Bybelse Ensiklopedie; deel twee p.524).

Sien ook Lev. 23:11 en 16 vir interessante gegewens oor die dag na die **Sabbat** en die dag na die sewende sabbat, die vyftigste dag.

*So word die **Sondag** die Jesusfees en die Heilige Geesfees.*

3. Elke **Sondag** moet elkeen van julle na vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, ---- (1 Kor. 16:2). Vroeër was dit gebruiklik, soos dit vandag nog die geval is, om in besonder te dink aan die naaste, wat minder bevoorreg is, op die dag wat ons aan die Here toewy.

4. Handeling 20:7

*Ons het die **Sondag** bymekaargekom vir die gemeenskaplike maaltyd.*

Paulus het die gelowiges toegesprek---. Hier is sprake van die gebruik van Nagmaal en die lewering van 'n preek op Sondag.

Enkele Bybelse tekste t.o.v. die Sabbat:

5. Kol. 2: 16 en 20:

*Daarom moet julle nie toelaat dat **iemand vir julle voorskryf** wat julle moet eet en wat julle moet drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaanfeeste of die **Sabbatdag** moet vier nie. Dit is alles maar net 'n skuduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.*

6. Die **Sabbat** is nie groter as God of die mens nie. Die Sabbat is vir die mens gemaak, Dit mag nie tot afgod verhef word nie.

Markus 2: 27 en 28:

*Jesus het verder vir hulle gesê: Die **Sabbatdag** is vir die mens gemaak en nie die mens vir die **Sabbatdag** nie. Daarom is die Seun van die mens Here, ook oor die **Sabbat**.*

Jesus self het die Sabbatswet verbreek toe Hy mense op die Sabbat genees het (Markus 3:1 tot 6).

7. Gal. 4: 9 en 10

*---hoe val julle nou terug na daardie minderwaardige en armsalige wettiese reëls? Wil julle weer van vooraf slawe daarvan wees? Julle hou aan om **besondere dae** en maande, feesgeleenthede te vier.*

Liefdevolle verdraagsaamheid.

In Romeine 14: 5 staan die volgende opgeteken:

Vir die een is een dag belangriker as ander dae; vir 'n ander is alle dae ewe belangrik. Elkeen moet net in sy eie gemoed oortuig wees van sy opvatting. Die een wat 'n bepaalde dag op 'n besondere wyse hou, doen dit tot eer van die Here
*10. Jy waarom veroordeel jy dan jou **broer**? En jy, waarom verag jy jou **broer**?*

Die toets van liefdevolle verdraagsaamheid lê in die kwalifikasie in hierdie versie van **broederskap**. Jy kan nie saam met die persoon, wat nie waarlik Christus bo alles stel, in dieselfde juk probeer trek nie. Julle is net nie **broers** nie. Die SDA verklaar dat die persoon wat op Sondag die Rusdag van God vier daardeur, as die Anti-Chris, die Merk van die Dier van Openbaring dra. Hierdeur verhef hierdie geloof die onderhouding van die Sabbat, op Saterdag, bo die bloedverdienste van

Christus. So word Jesus se Kruisdood en Opstanding ondergeskik gemaak aan 'n wettiese bepaling, van onderhouding van die Sabbat op Saterdag, en word 'n streep deur Jesus se dood en opstanding getrek. **So 'n geloof kan nie op broederskap ten opsigte van Christene aanspraak maak nie.** So 'n persoon is dan ook nie die **broer** van wie in vers 10 van gepraat word nie.

Jesus is : Die weg en Die lewe,

Sal Jesus vir ons jok? Sal Hy die absolute sondelose, ewig goeie? sal Hy so vals en onbetroubaar wees om vir ons te jok en die leuen dan in die Bybel vir alle geslagte te laat opteken?Dit is tog totaal ondenkbaar.

Wanneer Hy in Mat. 7: 7 iets vir ons laat opteken kan ons mos aanvaar dat dit wat Hy persoonlik gesê het waar is:

Vra en vir julle sal gegee word.

Is dit moeilik om die woorde van ons Jesus te verstaan? Is dit moontlik om Hom verkeerd te verstaan? Bedoel Hy iets anders as wat hier staan?ek glo nie.

In vers 8 kwalifiseer Hy die rede waarom Hy hierdie belofte aan ons maak:

Want elkeen wat vra, ontvang;

Om ons te help om hierdie belofte vir ons self te neem verwys Hy weer na hierdie belofte in vers 9:

Wie onder julle sal as sy seun brood vra vir hom 'n klip gee? Of as hy 'n vis vra, vir hom 'n slang gee.

As julle wat sleg is dan weet om goeie geskenke aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader in die hemele goeie dinge gee vir hulle wat Hom vra.

Hier is drie belangrike begrippe opgesluit in die laaste aanhaling te *wete; brood en klip, vis en slang* en *goeie geskenke*.

‘n Vader wat vir sy kind omgee sal nie vir hom iets gee wat dalk sleg vir sy kind kan wees nie. Indien die goeie vader se 5jarige kind hom vra om vir hom ‘n pistool en ammunisie te koop sal hy dit nie doen nie. Dit is vir die kind op daardie stadium nie ‘n **goeie geskenk** nie. So mag ons Vader in Sy alwetenheid besluit om nie nou aan ons versoek te voldoen nie omdat Hy wat alles weet, weet dat nie vir ons goed sal wees om dit wat ons vra nou te ontvang nie.

Brood en klip. In Joh.4:34 staan die volgende opgeteken:

En Jesus sê vir hulle: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om Sy werk te voltooi. Indien dit Jesus se brood was om Sy Vader se wil te doen, mag die voorbeeld wat Jesus vir ons opgeteken het primêr met Sy liefdeswil vir ons lewens te make hê. Jesus is ook die Brood van die Lewe, Wat kan ons beter ontvang as Dit. Hy sal tog nie vir ons ‘n kliphart gee wanneer ons Hom vra om Sy liefdeswil in ons lewens te laat plaasvind nie. Die Wet is op kliptafels aan Moses oorhandig. Ons Vader wat vir ons net goeie gawes wil gee sal tog nie vir ons die Wet gee as Hy vir ons Sy Seun, die Brood van die lewe, kan gee nie.

Vis en slang. Deur die eeue het die vis die simbool vir Christenskap geword. God sal tog nie vir ons wanneer ons vir die uitbreiding van Sy Koninkryk(baie

Christenvisse) vra, vir ons die uitbreiding van satan, die ou slang, se koninkryk gee nie.

Mag dit wees dat wat Jesus in hierdie gedeelte in gedagte gehad het, dalk veel eerder met die Brood van die lewe, Sy Koninkryk en met genade te make gehad het, as dit wat die mens gewoonlik in hierdie gedeelte raaklees? Mat. 6: 33 het ook hiermee 'n noue verbintenis. *Soek eers die koninkryk van die hemele (Brood en Vis) en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*

Weet net dat Jesus nooit vir jou sal jok nie. Bid en vra altyd net volgens Sy voorbeeld:

Lukas 22:42:

Laat nogtans nie My wil nie maar U wil geskied.

Jesus is die Goeie Herder.

(concerned with the affairs of this world)

Die meeste mense lewe 'n sekulêre bestaan. Hierdie stelling geld Christen gelowiges en ongelowiges. Is die meeste Christene nie maar omtrent die hele dag met dinge van die wêreld besig nie? Dalk sal die tipiese gelowige van ons dag 'n kort gebedjie opsê voor hulle oppad is werk toe. Sommige sal sommer so in die ry iets van 'n gebed prewel. Dan begin die werkdag. Die meeste mense sal nooit weer deur die loop van die werkdag aan die Here dink nie. Hulle sal die oppervlakkige gesprekke en onrein gedagtes en praatjies met kollegas geniet en wêreldse dinge bedink. Teen die laatmiddag sal dit 'n stryd word om lewendig deur die verkeer by hulle huise uit te kom. Die langverwagte drankie sal met oorgawe by die huis geniet word wanneer die skoene na 'n dag se werk uitgeskop word. Dan word dit belangrik om te weet wat in die wêreld aangaan en sal die koerant noukeurig bestudeer word. Na ete moet 'n man darem ook 'n bietjie ontspan en sal na 'n sekulêre storie of ander program op televisie gekyk word. Dikwels is die eienaar van die duur DSTV met sy honderde programme nie eers bewus daarvan dat daar TV programme soos *God TV* bestaan nie. Later die aand sal net voor slaapyd miskien iets soos 'n dagstukkies gelees word en 'n meganiese gebed opgesê word. Is dit nie 'n leefstyl wat met *The affairs of the world* te make het nie? Ons gelowige sal seker Sondag, of sommige Sondae, in die kerk

opgemerk word. Die res van die Sondag sal dikwels aan die lees van die koerant bestee word of die kyk van 'n flik oor alledaagse aangeleenthede. Indien die sekulêre Christen so 'n bietjie deur sy gewete aangespreek word, sal hy homself gou reghelp met die helse woorde: *'n Christen moet gebalanseerd lewe. Hy moet nie oorboord gaan en met Godsdienste dweep nie. Oppas vir die ou met die Bybel onder die arm. Moet nooit met 'n Christen besigheid doen nie, ens.*

Is dit wat God van ons verwag? Is dit hoe 'n lewe lyk wat aan God oorgegee is? Is dit die uitlewing van liefde vir Hom wat alles vir ons feil gehad het? Is dit hoe 'n Geesvervulde, Geesbeheerde lewe lyk? Is dit hoe die lewe lyk van iemand wat homself verloën het en met God wandel? Is dit hoe 'n moderne Christen lyk en in hierdie wêreld leef? Kan dit wees dat op 'n pendulum waar die Godsdienste en die Godsdienste die pole vorm, hierdie mens tussen die twee val. Kan dit wees dat hy as lou beskou kan word? Is dit die mens van wie in Openbaring 3:15 geskryf staan:

Ek weet dat julle nie koud is nie en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! Maar nou omdat julle lou is, nie warm en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg.

Jesus is die Helder Morester.

In hierdie lewe moet ons dikwels skoolgeld betaal. Dit wil sê die lewenslesse wat ons leer kos iets. Onlangs sê 'n ou oom vir my dat hy op 'n gevorderde stadium van sy lewe weer 'n les geleer het. Dit het hom soos gewoonlik dan ook duur te staan gekom. Hy sê hy was in sy lewe aan tabak, suiker en koffie verslaaf, (genadiglik nooit aan drank nie). Om van hierdie verslawings los te kom was nie maklik nie. Hy kon nog op 'n manier die koffie en die suiker los maar die tabak, aikona. Vir hierdie een moes hy op sy knieë gaan omdat al sy selfhelppogings jammerlik gefaal het. Op 'n wonderbaarlike manier het God hom van die rookverslawing verlos toe hy in absolute afhanklikheid dit aan God oorgegee het. Al het hy meer as dertig sigarette op 'n dag gerook, het God die verslawing in 'n oomblik weggeneem sonder dat daar enige onttrekkingsimptome was. Wonderlik hoe God se krag vrygestel word as die mens op die punt kom waar hy voor God bely dat hy self nie verder kan nie.

Om terug te kom by die huidige ervaring van skoolgeld, meld die ou oom dat 'n mens soms besig is om verslaaf te raak sonder dat jy dit besef. In sy geval was hy besig om aan die internet verslaaf te raak maar hy het dit nie besef nie. Hy het net meer en meer tyd voor die rekenaar begin deurbring en is geleidelik in die genot van om enigiets te kan weet, deur dit net te Google, ingesleep. So was hy besig om al meer 'n burger van die ander koninkryk, die een wat hy lank terug al

agtergelaat het, te word, sonder dat hy dit besef het. Nou dat hy terugdink aan die hele episode besef hy dat satan hom met die dieselfde tegniek gevang het as wat satan by Eva gebruik het. Die genot van te weet, het hom soos 'n god laat voel. Toe kom die skoolgeld. Nadat hy 'n nuwe rekenaar bekom het en 'n nuwe datakontrak gesluit het, het alles goed gegaan totdat hy eendag 'n rekening vir die maand se datagebruik ontvang het. Sy kontrak vir 500 Megabites het hom R37 per maand gekos. Wreed was sy ontnugtering toe die eerste maand se rekening opdaag en hy verneem dat hy R1960 verskuldig is. Die tweede maand was reeds ver gevorder en vir die sou hy R 1500 moes opdok. *Jammer meneer, net 'n klein tegniese foutjie wat jy begaan het. Die dametjie wat die kontrak aan jou verkoop het moes vir jou gesê het jy het 'n "open contract" en wanneer jy oor jou 500 Megabites gaan kos 'n Megabite nie meer 7.5 sent nie maar R2.00. Jy sal maar net moet opdok, meneer.* Hier kom die skoolgeld nou in. Dit het die oom R3500 gekos om te leer dat mense uiters onbetroubaar is, dat jy nie maar net in goedertrou dokumentasie kan teken nie, al lyk die mense hoe vriendelik en hulpvaardig. Die grootste voordeel van die skoolgeld was egter die besef dat hy besig was om aan die internet verslaaf te raak. Dit was snaaks genoeg glad nie moeilik om aansienlik af te skaal, op die tyd wat voor die rekenaar spandeer word, nadat die R3500 betaal is nie.

Jesus is die Lam van God.

Waarom het God die son, die aarde, die wenteling van die aarde om die son, die draai van die aarde, op so 'n besondere manier geskep? Waarom het Hy op die besondere, wonderlike simfonie van konstruksie besluit?

Daar mag baie Goddelike redes hiervoor wees. Dalk is een van die redes die volgende:

Daar is voortdurend, elke dag, elke sekonde van elke dag iewers op die aarde sonskyn. Soos die son vir ons in die aand ondergaan word sy lig net verder op die aarde weer as oggend op ander plekke ontplooi. Die son bly skyn en die aarde is net besig om geleidelik by die son verby te draai. Die son is soos God. Hy is altyd daar. Sy lig skyn voortdurend. Hy slaap nooit nie.

Hoe wonderlik om te weet dat Hy altyd die konstante ewige voortdurende Lig van ons lewens is. Al is ons onbewus in ons slaap van wat om ons aangaan, skyn Sy lig van voorsiening, beskerming en genade nog steeds oor ons.

*Eendag sal die son nie vir ons opkom nie. Dit is die dag wanneer jy oorgestap het na Hom toe. Die son sal nie opkom nie omdat die Son nooit weer vir ons sal ondergaan nie. Ons sal voortdurend in Sy Goddelike lig wees. Dalk gaan die son nou vir ons onder om ons te herinner dat die groot dag van Ewige Lig nie meer vir ons ver in die toekoms lê nie. **Wat 'n heugelike dagbreek.***

Jesus is die Seun van God.

Die ongelowige, hy wat nog nie God se genadige vergifnis vir sy sonde aanvaar het nie, glo soms dat hy gered kan word op grond van sy eie onderhouding van God se wet. Die gelowige het ook heel moontlik hier begin en toe die futiliteit van sy poging tot selfredding agtergekom. Hy kon net uit homself nie goed genoeg word nie en die sonde het oor hom bly heers. Eers nadat hy sy onvermoë om God se wet te onderhou bely het, Jesus se verdienste as die enigste hoop vir sy vergifnis aanvaar het, alles aan Jesus oorgegee het en geglo het dat God sy sondes vergewe, omdat Jesus reeds daarvoor geboet het, het daar vrede in sy gemoed gekom. In die aanvaarding van die Vader en Sy Seun se liefde vir hom het die sondaar die liefde van die Vader en Sy Seun in sy eie hart begin ervaar en is hy gedring deur hierdie liefde vir die Vader en Sy Seun om ook lief te hê, en vanuit hierdie liefde op te tree. So het God se wet weer sentraal begin staan. Nou was die motivering om die wet te onderhou gegrond in liefde, liefde teenoor God en sy medemens. Hierdie nuwe mens wil graag heilig lewe omdat sy Vader heilig is. *Wees heilig want Ek is heilig (1 Petrus 1:16)*. Om heilig te lewe beteken om afgesonder vir God te lewe.

Is dit dalk die rede waarom herlewing vandag so 'n ontwykende ideaal vir so baie gelowiges geword het? Is gelowiges nie meer bereid om heilig, vir God afgesonder, gehoorsaam aan Hom, te lewe nie? Hoeveel gelowiges wat selfs die

teks van Fil. 4: 8 van buite ken, is bereid om hierdie riglyne van waarmee die gelowige sy gedagtes moet besig hou, te volg? Moontlik kan jy saam met my 'n paar van hierdie toetsies aflê en jouself spieël in God se Woord. Neem nou maar net die eerste van die sewe kriteria van dit wat die gelowige moet bedink:

*Alles wat **waar** is, Daarop moet julle julle gedagtes rig.*

Is stories waar? Weliswaar is daar ware verhale. Die meeste stories is egter fiksie, denkbeelde van die skrywer, dinge wat die waarheid vir realiteitswaarde probeer naboots, maar nie die toets van absolute waarheid kan deurstaan nie. Die waarheid word in die skrywer se verbeelding gevorm en die leser word met die fiktiewe waarheid meegesleur totdat die fiksie, tydens die tyd waarmee die leser daarmee besig is, vir hom waarheid en realiteit word. Die leser word die held in die verhaal wat hy lees, hy word die slagoffer van onreg, hy word die suksesvolle sakeman; hy word die leuen wat hy lees en bedink. Het jy al ooit 'n preek gehoor waarin die leuen van die roman aan die kaak gestel is? Hoeveel mense sal bereid wees om ter wille van 'n heilige Godtoegewyde lewe, die genot van stories op te offer? Hoeveel mense sal die genot van 'n flik verruil vir die afgesonderde heiligheid van die waarheid van Jesus? Dikwels vereis die storielyn dat daar gevloek moet word. Die belangrikheid van die egtheid van die karakter vereis dat die karakter moet vloek, hoereer, steel, moor ens. So word die leser of kyker of hoorder ingetrek in die godslasterlike beïnvloeding wat dikwels die primêre motief vir die skryfwerk van die ongelowige is. Letterlik miljoene sekulêre

romans met die grootste vieslikhede word op die mensdom losgelaat en selde indien ooit word die onheilige lewenswandel van die gelowige hiermee in verband gebring. Die suigkrag van die sekulêre storie is geweldig, verslawend, absorberend, beïnvloedend, totdat dit die enorme status van 'n afgod bereik.

Dikwels word die storie egter toegedraai in versuikerde papier om dit meer aanvaarbaar te maak. Neem nou maar die sogenaamde waarheid van die nuusmedia. Hoeveel liegstories is nie al deur die koerante en televisie as waarheid opgedis nie? Is dit waarheid wanneer 'n ateïstiese redakteur nuusberigte keur vir plasing, aktief probeer om evolusionisme geloofwaardig voor te stel, morele kwessies relativeer, humanisme bevorder, Godsdiens belaglik voorstel, materialisme bevorder, die mens vrees inboesem en so die werktuig van satan word? En tog spandeer die meeste Christene meer tyd om na hierdie leuens te luister en te kyk as om tyd saam met God deur te bring. Kan so 'n Christen heilig vir God, afgesonder lewe? Is daar 'n kans vir herlewing wanneer Christene so onwillig is om die waarheid na te jaag?

Alleen die toets van waarheid is genoeg om 'n gelowige vir baie lank besig te hou. Wat dan nog van die toets vir *edel, reg, rein, mooi, goed en lofwaardig*.

Wees heilig want Ek is heilig.

Jesus is die: Middelaar, Losser, Verlosser.

Die oersonde van die mens is dat hy nie soos God wil wees nie. Hy wil sy eie god wees, sonder God. Die eerste vereiste waaraan jy moet voldoen indien jy die koning van jou eie koninkryk wil wees is om onafhanklik van God te wees. Hierdie onafhanklikheidstrewes kom in die natuurlike mens voor sonder dat die mens hard daarvoor hoef te soek. Dit is die lewensstrewes van die natuurlike mens. Hierteenoor vra God van die mens om die god van die self, die behoefte om onafhanklik te wees en om jou eie besluite te neem, te kruisig. Al die Goddelike deugde skreeu luid teen die vergoddeliking van die mens in sy onafhanklikheidstrewes. Selfs by die gelowige mens is daar 'n donkerkant waarteen altyd gewaak moet word. Hierdie donkerkant het te make met die subtile verleiding van die aanloklikheid om onafhanklik te wees, jou eie god te wees sodat jy op niemand anders hoef te vertrou nie. Een van die Goddelike deugde wat teen onafhanklikheid ontstaan is die deug van geloof, waarsonder niemand God sal sien nie. In sy diepste betekenis is geloof in God die verloëning van die geloof in die self, die eie vermoëns, en eie voorsiening, eie eer en die vermoë om sonder ander klaar te kom. Geloof in die self is vir baie mense die toppunt van hulle aardse bestaan. Die selfgod vind sy uiting in die vertrou op geld, 'n beroep, kwalifikasies, beleggings, en dan ekstensiteite van die self soos 'n motor, huis, 'n goeie huwelik, woonbuurt, klere, die regte vriende en sosiale

verkeer. Uiteindelik sal die natuurlike mens vir homself meer lief wees as vir God en sy medemens. Dikwels is God se genadige ingryping dan in die natuurlike mens se lewe deur onsekerheid in 'n mens se lewe toe te laat. Niks takel die selfgod so vinnig af as onsekerheid nie. Dink in hierdie verband aan onsekerheid oor die finansies, die politiek, die natuur, veiligheid, jou beroep en jou gesondheid. Die strewe na onafhanklikheid is dikwels juis 'n poging om die onsekerheid van die lewe te probeer ontduik deur self sekuriteite te probeer skep. Wanneer die mens self God wil wees dupliseer hy die sonde van satan.

Jesus is die Alfa en die Omega.

Die gedeelte in 1 Korintiërs 14 behandel meer as eenmaal die spreek in tale. Daar is heelwat uitsprake in die verband en duidelik was dit nodig om oor so 'n belangrike geestelike gawe duidelike onderrig aan die gemeente te verskaf. Daar staan in hierdie gedeelte onder andere die volgende:

2. Iemand wat ongewone tale of klanke gebruik, praat nie met mense nie maar met God. Niemand verstaan hom nie want deur die Gees sê hy onbegryplike dinge.

4. Die een wat ongewone tale of klanke gebruik bou net homself op

Die intieme gesprek wat God se Gees deur die mens met God voer, in ongewone tale of klanke, is vir die mens deur wie dit gebeur, onverstaanbaar. Hy is die passiewe toehoorder van God se Gees sonder om verstandelik daarby betrokke te wees. Min in die gelowige se lewe is daar so 'n spontane uiting van geloof en vertrouwe in God as wanneer die gelowige in tale en ongewone klanke met God praat. Geen wonder dat die mens daardeur geestelik opgebou word nie. Die mens wat in ongewone tale of klanke spreek sonder om te verstaan wat hy of sy sê is op 'n plek van totale selfverloëning. Die natuurlike mens wil in beheer wees. Vir die doel moet hy verstaan, ken en verklaar. Alles word kognitief deur kennis beheer. So glo die natuurlike mens nog steeds satan se paradysleuen toe hy Eva

verlei het (Gen. 3): *God weet dat julle soos God sal wees deur alles te ken.*

Wanneer die gelowige sy kognitiewe prosesse aan God se Gees se beheer oorgee verloën hy hierdie oeroue drang om self in beheer te wees en self te ken en self te verklaar. Die gelowige word kinderlik in sy totale oorgawe aan God en absolute vertrouwe in God se Gees dat die Gees sal spreek wat reg is.

Kan dit wees dat die ongewone tale en klanke wat die Gees deur die mens uitspreek iets van 'n hemelse taal is? Oefen die Heilige Gees nou reeds die vleeslike mond om hierdie klanke te kan uitspreek sodat wanneer die mens in God se teenwoordigheid kom al wat moet bykom die oopmaak van die begrip sal wees om te weet watter wonderlikhede die Gees reeds voor God gespreek het. Die val van die mens het gekom met die verstandelike betrokkenheid by gesprekvoering tussen satan en die mens. Is dit dalk die rede waarom die verstandelike betrokkenheid van hierdie hemelse gesprekvoering weerhou word? Ons kan maar net wonder waaroor hierdie Goddelike gesprekvoering gaan. Indien gekyk word na die spontane opsteek van die hande terwyl die Gees so spreek weet ons dat daar beslis 'n element van Goddelike verheerliking teenwoordig is. Daar is ook 'n sterk element van selfverloëning en afhanklike oorgawe teenwoordig; amper soos om blindelings te volg waar die Gees ookal lei in woorde en gedagtes. Ons weet verder dat elemente van die ideale gebed wat Jesus ons in Mat. 6: 9 leer ook in hierdie woorde teenwoordig sal wees. Ons sal dus God se Naam grootmaak, Sy koninkryk bo ons eie seek en verhef en pleit dat

God se volmaakte wil sal geskied. Die vrede wat die mens ervaar wanneer hy of sy ongewone tale of klanke gebruik is 'n aanduiding dat die persoon volgens God se wil optree (Kol.3:15).

Jesus is “Ek is”

Dikwels word in die Skrif van Jesus gepraat as *die Seun van Dawid*. Dawid was ons Here, Jesus, se voorvader. Dawid kom uit die geslag van Juda, die oudste seun van Jakob, die seun van Isak, die seun van Abraham.

Waarom was die Jode so teen Jesus gekant? Waarom het hulle hom so sterk teengestaan, vervolgd en selfs gekruisig? Kan dit wees dat die rede vir hierdie wrede optrede te vinde is in die feit dat Jesus uit die stam van Juda gebore is?

Onder koning Dawid se heerskappy het Israel as twaalf stamme onder een koning gefunksioneer. Hierdie eenheid het onder koning Salomo, Dawid se seun, voortgeduur. Toe Salomo begin het om afgode te aanbid onder invloed van sy 700 vroue, en hy tempels vir die afgode begin bou het, het God se geduld met Salomo opgeraak en Hy spreek die volgende vloek op Salomo uit in 1 Konings 11:11:

Since you have not kept our agreement and have not obeyed My laws, I will tear the kingdom away from you and your family and give it to some-one else.

Hierna beloof God aan Jeroboam dat hy oor tien stamme van Israel sal regeer, aangesien God die tien stamme van die koninkryk van Israel gaan losskeur en net die stam van Juda vir Salomo se seun sal laat oorbly, terwille van Dawid en God se liefde vir Jerusalem, vanwaar die koning van Juda sal regeer.

Nou kom ons by een van die interessantste gedeeltes in die Bybel naamlik in 1 Konings 12:17 en verder:

*And they all deserted him (koning Rehoboam, koning van Israel) except for the tribe of Juda who remained loyal and accepted Rehoboam as their king. When king Rehoboam sent Adoram (who was in charge of the draft) to conscript men from the other tribes, a great mob stoned him to death. But king Rehoboam escaped by chariot and fled to Jerusalem. 19. **And Israel has been in rebellion against the dynasty of David to this day.***

Jesus, die Leeu uit die stam van Juda, was dus vir die Jode van sy dag (komende hoofsaaklik uit die 10 stamme van Israel) totaal onaanvaarbaar en het die Bybelse profesie van ‘n duisend jaar vroeër kom waarmaak. Hierdie Israel was werklik in rebellie teen Jesus, die absolute verteenwoordiger van die nageslag van Juda. Interessant dat die Bybelse uitspraak van **to this day**, letterlik 3000 jaar later nog steeds waar is. So is die Jode nog steeds gekant teen die Leeu van Juda, ons Here Jesus Christus, **to this day!**

Die begin van hierdie opstand van die Jode teen Jesus het dus sy oorsprong in Salomo se ongehoorsaamheid gehad toe hy direk teen God se opdrag, afgode gemaak en aanbid het, onder die invloed van sy 700 vroue, van wie baie heidene was. Die slimste man wat ooit geleef het, se intellek kon hom nie teen hierdie verskriklike dwaling beskerm nie. Dalk het sy intellek tot arrogansie gelei en het hy gedink dat hy beter weet as God. Dit laat ‘n mens dink aan die slimste vrou

wat ooit geleef het, een wat sonder die besoedeling van sonde suiwer kon dink en in haar arrogansie gedink het sy kan soos God wees deur alles te ken. Eva, O Eva! Oppas, o mens, vir die dwaling van die intellek.

Jesus is die Heerlikheid van God.

God het die lewe in Adam geplaas. Alleen God is lewe en kan lewe gee. Sonde bring die dood. Vanweë Adam se sonde is die doodsvonnis oor hom en sy nageslag uitgespreek. Die doodsvonnis sou nie dadelik voltrek word nie en Adam is 'n paar jaar gegun om op die aarde in sonde voort te leef. Hy sou egter sterf. Dit was sy straf. Die eerste mens wat sterf is Adam se seun, die gelowige Abel, wat 'n goeie man was, iemand met wie die Here tevrede was en wie se offer aangeneem is. Abel beteken onder andere *asemhaling*. Iets wat in noue verband staan met die lewe wat God gee. So sien ons dat die vloek van die sonde, wat oor Adam en sy nageslag uitgespreek is, reeds by die eerste geslag na Adam sy opwagting maak. Voordat Adam kon sterf, sterf sy eie kind omdat hy 'n goeie man was en die een wat hom doodgemaak het, sleg was. Die Bybel sê dat die *grond die bloed van Abel opgeslurp het* (Gen. 4:11). Dit is asof die grond waaruit die mens gemaak is, nie genoeg van die sonde kon inkry nie. Alleen die bloed van Jesus, wat op dieselfde grond sou val, sou hierdie honger van die sonde na bloed, kon stil. Dit het op Golgota gebeur. 'n Mens wonder soms of dit nie dalk op dieselfde plek was waar Kain die bloed van sy broer vergiet het nie. Die sondeval van die mens het die mens aan die dood vasgemaak. Elke menslike lewe was gedoem tot die dood toe. Dit was vas; 'n mens sal begin lewe, maar eintlik is die mens direk na sy geboorte reeds besig om te sterf. Dit mag gou wees, net na

of selfs voor geboorte, of na 70 tot 80 jaar. Die mens is gedoem om te sterf. Al maak die mens soveel van die lewe, sy doodsvonnis is reeds uitgespreek en vroeër of later sal dit voltrek word. Dit maak nie saak hoe voortreflik en goed die mens lewe nie, hy kan niks aan sy onvermydelike lot verander nie. Menswees is sinoniem met sterf. Al groei die menslike organisme na sy geboorte, bly die kanker van die dood steeds teenwoordig en kan dit enige oomblik toeslaan.

Die werklikheid van die *gestadigde dood*, word deur Jesus vir ons duidelik in Sy beskouing van die ideale lewe uitgebeeld. In Mat. 10:39 staan: *Hy wat sy lewe wil behou sal dit verloor, en hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind.*

Alleen in die aanvaarding en uitlewe van hierdie woorde kan die dood oorwin word, en kan die mens van die dood ontsnap. Slegs die mens wat aanvaar dat hy reeds dood is vir hierdie lewe en so sy lewe op die aarde opgee en oorgee aan Jesus, kan die ewige lewe ontvang. Al sterf so 'n persoon se liggaam sal sy gees in Jesus se Gees vir ewig lewe. Hoe het Jesus dit vir die mens moontlik gemaak?

Jesus is sondeloos en daarom lewe Hy vir ewig. Toe Hy as 'n baba gebore is in Betlehem, het Hy uit Sy Goddelike heerlijkheid en ewige lewe, aarde toe gekom, met die uitsluitlike doel om te kom sterf. Om dit vir mense moontlik te maak om met Hom, wat lewe gee, te kan identifiseer het Hy, soos enige sondige mens, deur geboorte aarde toe gekom. Hy het 'n lewe van sterf kom leef. Hy het van die begin af alles afgesterf wat Hom Goddelik gemaak het, behalwe Sy sondeloosheid. Hy het Sy ewige lewe opgegee toe Hy aarde gekom het want Hy het geweet Hy kom

*om te sterf. Hy wat alle eer en heerlikheid waardig is het al die eer en heerlikheid afgelê. Hy wat miljoene engele het wat Hom bedien, en dien, en eer, het dit afgelê en in die hemel gelos. Hy, die God bo alles, het gekom om te dien, om Sy lewe af te lewe, om te kom sterf. Hy stort Sy lewe op die aarde uit, Hy dien, Hy bedien, Hy genees, Hy verdra, Hy dryf duiwels uit, Hy help die hulpbehoewenes. Hy dink nie aan Homself, Sy eie gerief en plesier nie. Hy kom om te sterf. So bereik Sy lewe die sinvolle hoogtepunt wanneer Hy aan 'n kruis vasgespyker word en sy lewensbloed die aarde onder die kruis natmaak. Toe Jesus kon sê: "Dit is volbring", en Sy laaste asem uitblaas, is die vloek van die sonde, die dood oorwin. Hy wat ewig lewe, het met Sy opstanding uit die dood, die mag van die sonde, **die dood**, oorwin. Toe Hy so vir al die sondes van die wêreld geboet het, is die volle losprys betaal. Jesus het vir ons gesterf. Die skuldbewys is afgelos. Die ewige lewe is in die mens herstel. **Die lewe wat dood geword het, het deur Jesus weer lewe geword.** Dankie Here God, Here Jesus en Here Heilige Gees.*

17 Maart

Stilgeboorte

Jesus is Skepper. Wanneer 'n mens tot bekering kom en sy lewe oorgee aan Jesus, kom woon God se Gees in jou gees. Jy kan sê dat God se Gees aan jou gees geboorte gee want nou begin jou gees eers werklik lewe. Vanaf jou gees na jou siel toe is daar 'n kanaal. Kom ons noem dit 'n geboortekanaal. Jou nuwe gees gee geboorte aan jou nuwe siel deur hierdie kanaal. Primêr is hierdie kanaal 'n geloofskanaal. Sommige dinge hou hierdie kanaal oop en gesond. Dit is dinge soos gebed, die lees van God se woord, gehoorsaamheid, omgang met dit wat goed en mooi is en om met God te wandel. Sommige dinge verstop hierdie kanaal. Dit is dinge soos slegte dinge waarna jy kyk, slegte dinge wat jy lees en bedink, slegte vriende, min tyd by Jesus, afgode, doelbewuste volgehoue sondes, en 'n gebrek aan selfverloëning.

Soos die nuwe siel gebore word deur die inwoning van God se Gees deur jou gees, word jou denke nuut gebore. Kyk alles het nuut geword. Ook jou emosies word nuut gebore. Waar jy vroër vrees en haat as primêre emosies gehad het, is jou oorwegende emosie nou liefde, vrede en blydschap. Dit is mos reg so want dit is die vrug van die Heilige Gees. Indien jy nou regtig die geboortekanaal tussen jou gees en siel wil oop hou tot 'n goeie geboorte van 'n nuwe siel sal jy die Heilige Gees toelaat om jou te lei, te bestuur en te beheer (Gal. 5).

Soos jou nuwe siel vorm aanneem en begin volwasse word sal daar druk opbou binne die geboortekanaal tussen jou siel en liggaam. Die siel sal 'n al groter

behoefte ervaar om geboorte te gee aan 'n nuwe liggaam. Die geboorte sal deur die doenkanaal plaasvind. Dit is alleen 'n nuwe gees wat deur geloof die siel nuut maak wat deur liefdesdade aan meetbare geloof geboorte skenk.

Jesus sal die geloof toets in wat 'n mens doen. Dink hier aan *Jakobus 2*. Jesus sal ook die toets van *het jy my gevoed, geklee, gehelp, besoek en versorg aanlê as finale toets van ons lewens*. Daar is nie 'n kortpad nie. Jy kan miskien probeer om deur goeie dade Jesus te flous. Hy sal egter kyk of jy deur Sy genade, 'n nuwe gees, vol van Sy Gees binne in jou het. Hy sal ook diep binne in jou siel kyk of daar 'n nuwe siel in jou gebore is, 'n siel wat deur Sy Gees gebore is om nuut te dink, te voel en te wil. Alleen so 'n siel sal deur die beboortekanaal van doenliefde aan God se eis kan voldoen.

Die heel tragiese verhaal sal egter ook vertel word by die Groot Wittroonoordeel in die laaste dae. Daar sal baie wandelende geestelike lyke voor God kom staan. Dit sal mense wees wat die skyn van Godsaligheid openbaar het maar die krag daarvan verloën het. Hulle goeie dade sal alles selfgeïnspireerd wees en alles net om hulleself draai. Hierdie mense se lewende gees het in een van die twee geboortekanaale versmoor. Die mens is net 'n stilgebore wandelende lyk.

Jesus is die Almagtige.

Die tradisionele hoofstroomkerk in 2016 laat 'n mens dink aan een groot rivierstroom. Hierdie stroom is besig om sterk in 'n rigting te vloei. Hierdie rigting is vir eeue reeds besig om gevorm te word. Die inhoud van die stroom bestaan uit mense met bepaalde denke, dogmas, oortuigings en tradisies. God se Gees het die stroom gerig en die inhoud van die stroom bepaal. Deur die eeue het die invloed van die Heilige Gees sy krag ten opsigte van die stroom se inhoud en koers afgeneem. Humanisme het begin oorneem. Die mens het sy eie God geword. Die Bybel wat koers en rigting op 'n praktiese wyse vir die stroom bepaal het, is as rigtingwyser toenemend na die kant van die stroom toe gestuur sodat die hoofstroom deur die menslike intellek en die mens se belang vervang is. Soos die skrifgeleerde, Fariseër en kerklike owerhede in Jesus se tyd deur die stroom van Judaïsme en die wet en tradisies van hulle tyd meegesleur is om net hulle eie belange na te jaag, tot so 'n mate dat hulle Jesus nie eers kon herken het toe Hy voor hulle gestaan het nie, is dit ook vandag. Jesus en die evangelie van verlossing is helder en duidelik voor die mense van die kerk, maar onder die leiding van die Skrifgeleerdes van ons dag, het die mens blind geword vir dit wat in die Woord vir ons opgeteken is. As daar staan *homoseksualisme is sonde*, sê die skrifgeleerde van vandag *nee, dit is nie wat daar staan nie*, en hulle skryf hulle eie bybel. Soos in ander dele van die wêreld waar sorgelyke stroomprobleme voorgekom het sal

dit in Suid Afrika ook gebeur. Geleidelik sal die stroom al vlakker en swakker vloei totdat dit 'n patetiese afskaduwing sal wees van die vroeëre sterk stroom. Uiteindelik sal die stroom stilstaan en in die hitte van die lewenseise totaal opdroog.

Die momentum van die huidige kerkstroom is te sterk. Die Jesus- en Bybelroepers is te min en te swak. Hulle kan maar hulle hande in die water steek en dink hulle gaan die stroom se rigting kan draai. Dit gaan nie gebeur nie. Die stroom is onherroepelik gekanaliseer deur magte, tradisies, dogmas, gewoontes en denkstrome wat die mense in die stroom blind gemaak het vir die Bybel en vir Jesus. Die enigste uitweg vir die wat nie tevrede is om met die stroom tot by selfvernietiging te dryf nie sal 'n ander oplossing vir die gemeenskap van gelowiges moet vind. Hulle gaan nie die stroom keer nie. Die enigste oplossing sal wees om die stroom te verlaat. 'n Paar druipnat gelowiges sal die moed hê om uit die stroom te klim, 'n nuwe klein gemeenskappie van gelowiges te vorm, Jesus en Sy verlossing bo alles te aanvaar en die Woord van God as absolute riglyn te volg.

Jy kan probeer om saam met 'n paar ander vissies teen die stroom op te swem. Hierdeur gaan jy nie die stroom keer of die rigting daarvan verander nie. In die proses sal jy uitgeput raak, later maar moedeloos omdraai en saam met die stroom begin dryf, uitgewas en bleek sonder die Gees van God. Die alternatief is dat jy uit die stroom spring en soos 'n baber oor land begin loop in die hoop dat jy

iewers 'n vars stroompie Lewende water sal vind, waarin jy saam met ander gelowiges, in en deur die Lewende water sal kan leef en beweeg.

Jesus het gesê dat ons hard moet stry om in die hemel in te gaan. Dalk het dit nou tyd geword om die stryd op te neem om in te gaan. So kan ons dan van die min wees wat sal ingaan in God se koninkryk.

Jesus is die Alwetende.

Kan 'n mens iets soos Almag bedink? Kan 'n mens iets soos Ewig bedink? Kan 'n mens?

'n Eenvoudige mossie, volgens God se waardebeplanning, slegs die helfte van een sent werd, is vir 'n mens ook nie veel werd nie. 'n Mossie word uit 'n eier gebore, hy word gevoer, word groot, leer om te vlieg, weet hoe om 'n nessie te bou, soek kos, plant voort, slaap en gaan dood. 'n Tiental konsepte kan die lewensloop van 'n mossie redelik volledig beskryf. God het toe Hy die mossie geskep het van 'n tiental konsepte gebruik gemaak. Uit hoeveel konsepte kon God gekies het? Was daar net tien of was daar tien triljoen? Daar was triljoene van triljoene konsepte want God is almagtig. Hy is nie ingeperk nie. Die keuse is Syne. Vir die mens het God ook 'n aantal konsepte gekies om die lewensloop van die mens te bepaal. Daar is weliswaar meer gevorderde konsepte betrokke as by die mossie. Daar kom aspekte soos keusevermoë, gewete, geloof, gees, sondebeseft, vergifnis, hoop, liefde en selfverloëning by. God het ook die mens afgegrens deur dimensies waarbinne die mens sal funksioneer. Hier dink ons aan dimensies soos lengte, breedte, hoogte, tyd, spoed, liggaamskrag, lewensspan, siel en gees.

Dink vir 'n oomblik, indien jy kan, buite die boks van die mens as supermossie. Dink vir 'n oomblik aan God en gee ruimte vir Sy almag. Indien God van 'n tiental dimensies vir die lewensloop van die mossie kon gebruik maak en sê van

‘n miljoental konsepte vir die mens, wat beperk God om van meer konsepte gebruik te maak. Al wat God inperk is ons eie onvermoë om meer konsepte te kan bedink. Ons onvermoëns perk God nie in nie. God kon ‘n triljoen menslik onbedinkte addisionele konsepte vir die mens gekies het. Selfs die mens se kennis van die geesteswêreld open enkele addisionele konsepte vir die mens. Die meeste hiervan is vir die mens onaanvaarbaar omdat die menslike redenering dikwels deur ongeloof ingeperk word tot ‘n paar aardse dimensies wat sintuiglik en empiries verifieerbaar is. Wat daarvan indien God sou kies om die menslike dimensies uit te brei? Die mens verkrag sy verstand om te probeer om addisionele dimensies te bedink. Wat van dimensies buite breedte, hoogte en ruimte? Iets soos die geestesdimensie wat alleen met geloof, en nie sintuiglike ervaring, binnegedring kan word nie. Die meeste mense se breinkrag laat hulle in die steek wanneer hulle ‘n dimensie soos hemel moet begin bedink of Jesus wat na Sy opstanding in ‘n geesvorm deur klipmure beweeg het. Die afgegrensheid van dit wat God vir die mens se bestaan nodig geag het maak dit vir die mens bykans onmoontlik om konsepte buite sy ervaringswêreld te kan bedink. Dink aan iets soos Einstein se teorie *dat indien ‘n mens teen die spoed van lig kan beweeg tyd sal stilstaan*, soos reeds empiries bewys is. Watter mens kan hierdie konsep met die implikasies daarvan rasioneel verwerk? Wanneer die mens nie eers die samevoeging van bekende konsepte soos ruimte, tyd en spoed verstandelik kan omvat nie, wat dan van konsepte waarvan die mens nog nooit gehoor het nie. Die feit dat die mens nie daarvan gehoor het nie maak die bestaan daarvan tog nie

onmoontlik nie. Onthou die mens is net 'n supermossie vir wie God sekere konsepte en sekere dimensies toegelaat het. Sy breinkas is nog steeds beperk. Weliswaar ietwat groter as 'n mossie s'n en moontlik meer kompleks maar daarin is geen waarborg dat daar niks groter, ruimer en meer omvattend kan bestaan as wat die supermossie kan bedink nie. Soos God die aarde uitgesonder het en bepaal het dat dit die leefwêreld van die mens uit al die triljoene hemelliggame sal wees, is die mens se ervaringswêreld afgegrens binne bepaalde konsepte en dimensies. Wat van *org*? Nog nie gehoor van *org* nie? Dit beteken nie dat *org* nie bestaan nie. *Org* kan *oksaltonies* beteken. Nog nie daarvan gehoor nie? Is dit iets soos tyd, maar nie heeltemal nie, iets so tussen tyd en tydloos? Kan iets soos oksaltonies iets wees wat net aan God bekend is maar wat Hy gekies het om buite die mens se dimensie en konsepbeleving te laat val. Dalk moet die mens minder arrogant wees en nie groter probeer wees as die supermossie wat hy is nie.

Jesus is die Gekruisigde.

Surrender is seker een van die belangrikste woorde wat ooit geskep is om ‘n begrip uit te druk. Wat beteken dit om te *surrender*? In die *Oxford Dictionary* word *surrender* soos volg verklaar:

1. *Relinquish possession of -----oneself, freedom and hope.*
2. *Give oneself over.*
3. *Give oneself up.*
4. *Cease from resistance*
5. *Accept enemy`s demand for submission.*

Submit word soos volg verklaar:

1. *Accept without resistance orders or treatment or lot met with.*
2. *Give way.*
3. *Yield to authority*
4. *Unresisting, meek.*

In sy preek op 23 April 2017 oor God *TV*, gee Dr. Charles Stanley *surrender* aan as ‘n voorwaarde om die Heilige Gees in ‘n mens se lewe te kan ontvang.

Wie wil nie die Heilige Gees in sy of haar lewe ontvang nie? Hy is tog die Krag van God, die Belofte van ons Here Jesus. Hy is die een wat die vrug van Sy inwoning in ons gee; *liefde, vrede, vreugde, geduld, goedhartigheid, nederigheid,*

vriendelikheid, getrouheid en selfbeheersing. Die Bybel roep ons op tot Geesvervuldheid indien ons die Ewige Lewe wil beërwe. In Gal. 5 word ons aangespoor om die Heilige Gees toe te laat om ons te lei, te beheer en te bestuur. Wat kan wonderliker wees as om God se Gees in ons teenwoordig te hê?

Nou hoe kan 'n mens God se Gees in jou lewe ontvang?

Hier kom die groot misterie van *surrender* in.

Kom ons probeer die Oxford verklaring van *surrender* in Afrikaans weergee:

Surrender is **om oor te gee**. Wanneer twee persone stoei en die een pas 'n greep op die ander toe sal die ander een indien hy die pyn nie langer kan verduur nie, **oorgee**. Dit beteken dat hy **erken die ander een het hom oorwin**, hom **onderwerp**, is sy meerdere, hy **respekteer** die meerderwaardigheid van die ander en is **bereid om die ander een te volg** en as sy meerdere te erken.

Ander nuances wat uit *surrender* te voorskyn kom is:

1. *Om besit van jouself en reg op jouself, **op te gee**.*
2. *Om die self en selfbehoefte **af te lê**.*
3. *Om nie meer **weerstand** te bied nie.*
4. *Om gesag van 'n ander te **erken** en te **aanvaar**.*
5. *Om **onderdanig** te wees.*

Ons lewe hier op aarde is 'n voortdurende stryd tussen die goeie en die slegte. Iemand sal, wanneer hy tot bekering kom, die goeie kies. Hierna kan hy verwag

dat die kwade hom nie met rus sal laat nie en hom sal probeer verlei, soos dit met Jesus die geval was. Indien die mens in sy onbekeerde toestand teen die slegte probeer weerstand bied, sal hy misluk en sal die slegte hom oorwin. Indien die mens egter bereid is om aan die Heilige Gees te *surrender* kom God se krag die menslike onvermoë te hulp. Wanneer die mens sy eie onvermoë erken, bely en aan God se Gees oorgee word die onbeperkte krag van God in die mens se lewe vrygestel.

Wil jy God se Gees in jou lewe ontvang?

Gee dan oor aan Hom.

Laat Hom toe om jou te beheer en te bestuur.

Laat Hy jou lei.

Wees lief vir Hom.

Wees bewus van Sy wonderlike teenwoordigheid.

Wandel met Hom.

Dank Hom.

Dink oor Hom.

Soek Hom op.

Praat met Hom.

Laat Hom toe om vrug te dra deur jou.

Glo in Hom. Vertrou Hom.

Ontvang Hom.

Weet dat Hy God se krag in jou swakheid volbring.

Geniet Sy teenwoordigheid.

Wees die minste en gee jou lewe oor aan Hom.

Jesus is die Bruidegom.

Mevroutjie, ek weet nie of jy nog sal kan onthou nie, maar ek wil jou 40 jaar terugneem die verlede in. Op daardie stadium van jou lewe het jy die lewe in Christus ontdek. Jy wou Hom met alles wat jy het dien. Jy het jou professionele loopbaan prysgegee en gekies om voltyds huisvrou te word. Op daardie stadium het jy jou pensioenbydrae vir 12 jaar diens ontvang. Dit was die massiewe bedrag van R3000. Jy het nie op 'n tiende vir Jesus besluit nie maar op 100%. Jy het alles vir Hom weggegee. In vandag (2017) se geldwaarde is dit gelyk aan R500, 000. God vergeet nie. Hy het hierdie skenking aan Hom en Sy koninkryk nog altyd in gedagte gehou. Indien jy jou sommetjies mooi maak na hierdie transaksies waarmee jy tans besig is, sal jy sien dat God jou wonderlik eer en seën vir dat wat jy aan Hom toevertrou het. Jy sal sien dat jou Vader gekies het om jou skenking aan Hom tien keer te vermenigvuldig. Ek bedoel in vandag se geldwaarde. Dit is mos waarom Hy jou nou met R5,000,000 seën. **Dien ons nie 'n wonderlike Vader nie?**

Jesus is Leidsman en Verlosser.

Ons leef in 'n tyd waarin die huwelik tussen een man en een vrou onder geweldige druk verkeer. Om te trou is net nie meer polities korrek nie. Toenemend word die egtelike verbintenis tussen man en vrou as oudmodies beskou. Die Bybel, en wat die Bybel sê, word geïgnoreer. Die Bybel word beskou as storiëttjies vir die oningelikes en die naïewes, die ou mense en die eenvoudiges. Indien 'n persoon die gesag van die Bybel verwerp is dit onmoontlik om die Bybelse waarhede vir oortuigingsdoeleindes by die persoon te probeer gebruik. Daar is beswaarlik iets anders wat jy kan doen vir so 'n persoon, as om te bid dat die Heilige Gees die sluier van leuens wat satan oor die persoon se verstand gespan het, sal verbreek.

Tog is daar in die sekulêre spreektaal van die ongelowige 'n subtiële erkenning van die waarheid van die Bybelse trou en egverbinding, sonder dat die ongelowige dit besef. Dink maar aan die woord **egbreuk**. Baie ongelowiges sal erkenning aan hierdie woord gee deurdat hulle presies weet wat dit beteken en selfs die woord gebruik, al glo hulle nie aan die Bybelse egtelike verbintenis nie.

Verder is dit vir die ongelowige bykans onmoontlik om sonder die kernwoord trou homself of haarself uit te druk. Neem die **trou** uit **betroubaar** en kyk wat bly oor. Wat is **vertrou** sonder **trou**? Wat beteken **troue** liefde sonder **trou**? Wat is **troueloos** sonder dat daar **trou** was. Hoe verklaar jy **getrouheid** indien jy 'n basiswoord soos **trou** probeer wegredeneer?

Selfs die praktiserende moderne ateïs, wat so graag met die **trou** van een man met een vrou wil wegdoen, kan nie sonder **trou** funksioneer nie. God het hulle (die mens) van die begin af man en vrou gemaak (Gen. 2:18) en hulle in 'n **vertrouens**posisie met hulle maats gestel. Hy het hulle gemaak om op Hom te kan vertrou.

Ons, die bruid van die ewige Bruidegom, sal spoedig met Hom verenig wees in 'n verbintenis gebaseer op Sy troue liefde, die feit dat Hy absoluut betroubaar is en ons ewige vertrouwe in Sy getrouheid.

Jesus is die Leeu van Juda.

In 'n sekere land was daar twee dorpe gewees. Kom ons noem die eerste dorp Olemre en die tweede dorp Sunamre. Die twee dorpe het baie van mekaar verskil. Die eerste dorp was maar erg verwaarloos. Die paaie was in 'n haglike toestand vol slaggate, die kragtoevoer was sporadies, kort-kort was die krane leeg, die dorp was vuil. Die omgewing was nou nie eintlik mooi nie, en die mynhoop het die gebied ontsier. Die bestuur was swak en die dorp was bankrot. Hierteenoor was die tweede dorp op 'n pragtige plek geleë. Die natuurskoon was asemrowend. Die dorp is goed bestuur, daar was goeie paaie, die krag was gereeld beskikbaar, die watervoorsiening was puik, die dorp was skoon, ryk en het pragtige woonbuurtes gehad. Verder is die dorp uitstekend bestuur, dit was skoon en welvarend.

Die meeste inwoners van die eerste dorp was onvergenoegd met hulle omstandighede. Die wat dit kon bekostig het hulle eiendomme, wat nie veel werd was nie, verkoop en het na die tweede dorp toe getrek. Hier het hulle heerlik in die luiksheid van die pragtige tweede dorp gewoon. Hulle het gevoel of hulle in die hemel is. Gevolglik het hulle dan ook baie lief geword vir hulle nuwe dorp en wou nooit weer daarvandaan weggaan nie.

Daar was egter ook ander mense op die eerste dorp wat nie so ryk was nie en wie se eiendomme nie omgesit kon word in die luukse eiendomme van die tweede dorp nie. Hierdie mense het geleer om vergenoegd te wees met hulle

omstandighede. Hulle het gely onder die ongerief, die swak bestuur en die onsekere infrastruktuur. Hulle was nie baie geheg aan hulle dorp nie en was gereed om enige oomblik te verhuis na 'n beter bestemming aangesien niks hulle aan hulle dorp vasgebind het nie.

In watter een van die twee dorpe sou jy wou gewoon het?

Jesus het sekere uitsprake gemaak oor die mens se bestaan op hierdie aarde. Kom ons kyk wat het Hy vir Sy volgelinge belowe:

- 1. Op hierdie aarde sal julle dit moeilik hê.*
- 2. Stry hard om in te gaan deur die nou poort.*
- 3. Geseënd is die wat huil, treur, ly, arm is, vervolgd word, gebrek het en deur allerlei toetse moet gaan. (dink maar aan Paulus, en Jesus se dissipels)*
- 4. Die wat arm is en min het, se kans is beter om in die hiernamaals in die hemel te wees (dink maar aan Lazarus).*
- 5. Ag dit louter vreugde wanneer julle in allerlei beproewings val.*
- 6. Die aardse bestaan is soos 'n bywonersbestaan, of die bestaan van 'n vreemdeling, tydelik en dikwels moeilik.*
- 7. Die lewe is kort en is bloot 'n voorbereiding vir die plek waar jy die ewigheid gaan deurbring, amper soos 'n oornaghut op 'n staproete.*
- 8. Demas het die teenswoordige wêreld lief gekry en het die ewige lewe verloor.*

9. *Jy het niks in hierdie lewe ingebring nie en dit is duidelik dat jy ook niks uit hierdie lewe sal kan saamneem die ewigheid in nie.*
10. *Hierdie lewe is 'n nietigheid, slegs 'n sekonde in die ewigheid.*
11. *Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan, as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan.*
12. *Moenie vir julle skatte bymekaar maak op die aarde waar mot en roes dit verniel nie. Want waar julle skat is daar sal julle hart ook wees.*
13. *Ons is nie belangriker as Jesus nie. Daarom kan ons ook onreg, lyding, pyn, veragting en vernedering verwag om ons soos Hom te vorm.*

In watter een van die twee dorpe sou jy wou woon?

Jesus is die Gesalfde Profeet.

Voortdurend word elkeen van ons met die een groot vraag gekonfronteer:

In watter een van die twee groot koninkryke leef en beweeg jy?

Daar is net twee koninkryke en jy leef en beweeg in die een of die ander een.

Soos Jesus gesê het: *Die wat nie vir ons is nie, is teen ons.*

Die meeste mense leef en beweeg die meeste van die tyd in die koninkryk van satan. Die wat in die koninkryk van Jesus leef en beweeg is nie baie nie. Soos Jesus self gesê het:

Stry hard om in te gaan deur die nou poort. Baie sal probeer om in te gaan maar die wat ingaan is min (Mat. 7:13)

Weet jy van watter koninkryk jy 'n burger is?

Daar is drie groot toetse om dit te bepaal. Elkeen van hierdie toetse het met jou totale menswees te make, met ander woorde met jou liggaam, siel en gees. Kom toets jou lewe en sien waar jy leef en beweeg.

1. Die liggaamlike toets

1.1 Satan se koninkryk

Mense wat in satan se koninkryk leef en beweeg gebruik hulle liggame vir hulle eie genot. Hulle respekteer nie hulle liggame nie en sal

byvoorbeeld in die huwelik die liggaam verontreinig deur huweliksontrou te pleeg en so die liggaam deel maak van 'n hoervrou of 'n hoerman. Die seksuele word nie vir die doel waarvoor God dit gemaak het, in die huwelik gebruik nie, maar word vir pornografie of seksuele losbandigheid misbruik.

Die liggaamlike sintuie word soortgelyk in satan se koninkryk aangewend om die self te bevredig. Dikwels draai die lewe vir die inwoner van satan se koninkryk om singenot. Dit word verafgod. So sal die genot van proe, smaak en ruik, die sin van die lewe vir die persoon word. Die lewe draai vir so 'n persoon om kos. Die singenot van dit wat die persoon sien en hoor kan die persoon so oorneem dat hy of sy sal verkies om liever na 'n sepie op televisie as 'n kerkdiens op 'n ander kanaal te kyk. Die voel en tassintuig kan so verafgod word in satan se koninkryk dat die mens net nooit genoeg van fisiese liefkosing kan kry nie.

Die inwoner van satan se koninkryk is deur sy sintuie voortdurend bewus van die realiteit van satan se koninkryk, hy of sy is gedurig in kontak met hierdie koninkryk en as sulks word die sin en genot van die lewe uit die intieme verbintenis met hierdie koninkryk geput.

1.2 God se Koninkryk

Vir die inwoner van God se Koninkryk is die menslike liggaam die tempel van die inwoning van die Heilige Gees. Die liggaam sal nie deel

gemaak word van 'n ontugtige man of vrou nie. Die liggaam sal nie verwoes word met drank, rook en brassery nie. Die liggaam sal opgepas en eerbiedig word, gereeld geoefen word en genoeg rus gegun word. Die bewuswording van God se Koninkryk word ook deur die liggaamlike sintuie bewerk. So sal die kind van God die prag van 'n sonsondergang met sy fisiese oog kan **sien**. Sy geestesoor sal egter ook God se almag, skoonheid en genade agter die fisiese werklikheid kan raaksien. Wanneer die kind van God soms op die stormsee van die lewe stap, sal hy Jesus voor oë hou en nie na die golwe van aanvegting kyk nie. Die kind van God sal die voëltjies kan **hoor** maar hy sal ook in hulle geluide die lof aan God kan herken. Met die geestesoor sal die kind van God die sagte influistering van die Heilige Gees kan hoor as Hy sê: *Nie hier nie, my kind, maar stap liewers daar*. Die kind van God **smaak** dat God goed is. Hy kan Jesus se liggaam onderskei wanneer hy die Nagmaalsbrood eet. Hy proe die soet genade van God wanneer hy by die Liefdesmaal aansit. Die kind van God kan die liefdesarms van God om hom **voel**.

2. Die Sielstoets

2.1 Satan se koninkryk

Die verstand: Soos by Eva word die menslike intellek in satan se koninkryk aangewend vir die genot van kennis en vir die gevoel van mag wat deur kennis verwerf word. Of soos die Bybel dit stel om *soos*

God te kan word deur alles te ken (Gen. 3:5). Kennis is dan ook vir hierdie mens dikwels die bron van sekuriteit. Hy is ook aan kennisverwerwing verslaaf en kan nie sonder sy daaglikse koerant of televisienuus leef nie. Die menslike verstand word vir hierdie mense verafgod. Hulle glo die mens kan deur sy intellektuele vermoë alles vermag en hy is eindelose moontlikheid. Sommige predikers word deur die intellektualisme oorweldig. Die eenvoud van die boodskap van redding vir die sondaarmens, is soms moeilik herkenbaar in die ingewikkelde preke en moeilik verstaanbare redenasies.

Die emosionele:

Die eerste emosies wat die gevalle mens ervaar het was skaamte (skuld) en vrees toe Adam en Eva vir God gaan wegkuip het. Die ergste vorm van vrees is angs. Saam met angs is die meeste inwoners van satan se koninkryk baie gespanne mense want hulle god kan net nie vir hulle sorg nie. Gewoonlik wanneer hierdie mense in 'n krisis kom, is hulle op hulleself aangewese. Om te vergoed vir die blootstelling aan negatiewe emosies in satan se koninkryk is die burger van hierdie koninkryk geneig om agter genot en plesier aan te hunker. Hulle verafgod genot. Dikwels word die genotsbeginsel vir hierdie mense die norm vir waardes; indien iets vir jou lekker is of as dit vir jou werk, is

dit reg vir jou. Op hierdie genotsbeginsels floreer menige vals kerk en die voorspoedsteologie word so in stand gehou.

Nog emosies wat vir die burger van satan se koninkryk belangrik is, is haat en woede. Onbeheersde woede aangevuur deur die idee dat die self benadeel en verontreg is, lei soms dan ook tot verbale en fisiese uitbarstings. Weens die verafgoding van die self, in satan se koninkryk, beteken die medemens se lot en geluk nie veel nie. Dit is dan ook bykans onmoontlik om vergifnis teenoor ander te vervaar.

Deur identifisering met ander helde uit satan se koninkryk word die burger van satan se koninkryk deel van die fantasiewêreld van televisie, internet en die gedrukte media. So word hierdie burgers se behoefte om iets of iemand te word bevredig.

Die emosie van liefde word deur satan uitgebuit wanneer erotiese liefde as die liefde bo alle ander liefdes vir sy burgers voorgehou word. Burgers van hierdie koninkryk soek altyd liefde maar in die meeste gevalle die verkeerde soort liefde.

Die wil:

Die oersonde van satan, voordat hy uit die hemel uitgegooi is, word deur die eerste mense in die paradys herhaal toe Adam en Eva kies om hulle eie wil in plaas van God se wil te doen. Sedertdien is die burger van satan se koninkryk maklik herkenbaar aan sy eiewillige optrede. Burgers van hierdie koninkryk buig net nie voor eksterne gesag nie.

Hulle doen hulle eie ding en soek hulle eie koninkryk se belang. Dit is dan ook een van die redes waarom so baie burgers van satan se koninkryk se huwelikke misluk.

2.2 God se Koninkryk

Die Verstand:

Vir die burger van God se koninkryk is die woorde in 1 Joh. 2: 27 belangik;

Ons het niemand anders nodig om ons te leer as die Heilige Gees nie.

Die meeste dissipels was eenvoudige vissers. Jesus self het niks anders as die Heilige Gees se wysheid gehad nie en het min teologiese opleiding gehad: In hierdie verband staan die volgende opgeteken in Joh. 7:15:

Die Jode was verbaas en het gesê: “Waar kom Hy aan die geleerdheid? Hy het dan geen opleiding gehad nie”.

Alhoewel Salomo die deugde van wysheid en kennis besing, waarsku hy ook dat te veel studie vermoeiing van die vlees is en dat aan baie boekemaak daar geen einde kom nie (Prediker 12:12)

Van die mees Geesgeïnspireerde predikers was eenvoudige mense, wat in diepe afhanklikheid van God, die boodskappe gebring het wat God deur Sy Gees op hulle hart gelê het. Verlustig jy jou in die maklik verstaanbare boodskap van redding wat kom ten opsigte van Jesus se bloed wat jou van al jou sondes reinig? Dan kies jy ook die eenvoud

van prediking en geskrifte wat selfs 'n kind kan verstaan. Dan sal jy jou nie met moeilik verklarende dogma oor dinge soos die doop vermoei nie maar sal jy jou verlustig in die eenvoud van: *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word (Markus 16:16, 1953 vertaling)*

Emosionele:

Die oorheersende emosie van God se koninkrykskind is die eerste deel van die Heilige Gees se vrug in 'n mens se lewe naamlik:

Liefde, vrede en vreugde. Die burger van God se koninkryk weet dat God hom lief het en hy verlustig hom in God se liefde vir hom. Hy laat God toe om hom lief te hê. Vrede gee die deurslag in sy lewe. Hy is verder voortdurend bly. Hy doen wat God vir hom sê om te doen, omdat Hy God vertrou. Daarom bekommer hy hom nie en is hy nie bang nie. Vertroue in God het by die koninkrykskind so deel van sy lewe geword dat hy vertroue as emosie begin ervaar. Sekuriteit word in die geloof dat God voorsien, gevind. Die kind van God ervaar voortdurende dankbaarheid omdat hy weet dat God die koers van sy lewe bepaal en dat God se wil in sy lewe plaasvind, al verstaan hy nie waarom iets met hom gebeur nie. Dit is vir die burger van God se koninkryk vreugde om in God se teenwoordigheid te wees ook saam met ander kinders van God. Hy luister graag na God se stem uit Sy Woord. Heilige eerbied en respek, is emosies wat ervaar word wanneer Hy in God se

teenwoordigheid kom. Dankbaarheid is 'n uitstaande kenmerk van die emosionele belewenis van God se kind.

Die wil:

'n Burger van God se koninkryk doen

God se wil. Hy hou veral vas aan die wete:

Dit is God wat die mens gewillig en bekwaam maak om God se wil te doen (Hebr. 13:21)

Hy wil nie sondig nie maar hy weet as hy sondig het hy Voorspraak by sy Vader, ons lieflike Here Jesus, wat met Sy verdienste vir hom by God pleit. Daarom leef hy voortdurend in die derde bede van die Onse Vadergebed:

Laat U wil geskied (Mat. 6:10).

Al verstaan hy nie wat met hom gebeur nie, al lyk dinge donker en sonder hoop, weet hy dat sy lot in Sy Vader se hande is en dat Sy God die beste vir hom laat gebeur. So 'n mens het sy eie wil gekruisig, hy het die kruis van selfverloëning opgeneem en Hy volg op Sy Here se voetspore totdat dit God se wil is om hom te kom haal.

3. Die Geestoets

3.1 Satan se koninkryk

Die bose geeste van satan is oral om ons en in die lug om ons. Daarom is die burger van satan se koninkryk nooit alleen nie. Hy leef in hierdie

koninkryk, sy gees is in harmonie met wat satan en sy bose geeste van hom verlang. Hy doen satan se wil, leef om dissipels vir satan se koninkryk in te bring en sal gedurig die dinge van die natuurlike mens bedink en doen en praat. Ander wat glo sal in twyfel gebring word soos met die evolusieleer, die leuen van die Humanisme dat die mens tot alles in staat is, sy eie god kan wees en inherent goed is. So bly sy gees in harmonie met satan se gees. Nooit word God vermeld nie. Alles word veroorsaak deur die menslike ingryping, die menslike bekwaamheid, en ook die toevalligheid. So 'n mens sal dikwels praat van sy geluk, of toevallig het dit of dat gebeur, of as dit nie vir die of daardie mens was nie sou dit so en so gewees het. Die gees van satan wat inherent 'n leuengees is, maak die virtuele werklikheid van die selfoon, televisie en rekenaar vir die inwoner van satan se koninkryk 'n werklikheid, 'n leuenwerklikheid, 'n virtuele werklikheid, amper iets soos 'n Goue kalf wat mense uit Egipte se slawerny verlos het. Hierdie gees, in die inwoner van satan se koninkryk, dra veel vrug. Die volgende vrug kan herken word:

Haat, onvrede, mistroostigheid, ongeduld, onvriendelikheid, selfsug, ontrou, selfverheffing en losbandigheid. Hierdie burgers se gees is een met satan se gees en dra die vrug van satan se bose gees.

3.2 God se Koninkryk

Wanneer die natuurlike mens in God se koninkryk instap neem God se Gees die menslike gees oor en word God se Gees die dominante rigtingewende krag in die burger van God se koninkryk. Dan volg een of meer geestelike gawe of toerusting vir die nuwe burger soos om te kan profeteer, te kan genees, te kan versterk of te kan predik. Die Gees van God maak alles nuut in die nuwe burger se lewe. Hy openbaar die vrug van die Gees se inwoning en ander kan duidelik sien of hy 'n Koningsrykburger geword het aan die uiterlike van die vrug van die Heilige Gees se inwoning soos:

Liefde, vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, nederigheid, getrouheid en selfbeheersing (Gal 5: 22). Elkeen van hierdie dele van die vrug van die Heilige Gees word prakties uitgeleef. Die meeste van die tyd sal dit onbewustelik wees sodat die kind van God se koninkryk eendag verbaas sal vra *maar Here wanneer het ons U honger gesien en vir U kos gegee, of wanneer was U siek en het ons U verpleeg of wanneer was U in die gevangenis en het ons U besoek? (Markus 25: 44).*

Wanneer God se Gees in die menslike gees begin heers word alles nuut, nie net die mens se gees nie, maar ook sy emosies, sy wil, sy verstand en uiteindelik ook sy liggaam. Alles wat perfek sal wees in die hemel begin gestalte kry hier op die aarde en vir hom wat mooi kyk sal dit herkenbaar wees.

Indien jy graag wil oorstap uit satan se koninkryk na God se koninkryk toe is dit nou die tyd om dit te doen , voordat dit vir ewig te laat word.

Jesus is die Gesalfde Hoëpriester.

Dit wil voorkom of daar twee hoofstrome in die Christelike Godsdienst is. Aan die een kant is daar die voorspoedsteologie wat Jeremia 29: 11 as uitgangspunt gebruik en aan die ander kant is daar die lydingsteologie wat weer ander uitsprake in die Bybel gebruik. Kom ons kyk kortliks na wat elkeen van hierdie uitgangspunte voorstaan:

1. Voorspoedsteologie van Jeremia 29: 11:

Ek weet wat ek vir julle beplan, sê die Here: Voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!

Bespreking:

Hierdie is die Here se woorde en daarom staan dit vas en is dit waar. Die vraag ontstaan of 'n mens wat vandag in bepaalde omstandighede lewe hierdie uitspraak van Jesus netso vir homself kan toeëien? Hierdie woorde van die Here is tog in 'n **bepaalde konteks** onder **bepaalde omstandighede** vir **bepaalde mense** gegee. Indien die woorde net so vir vandag vir jou omstandighede, soos dit nou is, aanvaar word sonder om die konteks van Jer. 29:11 in verband te bring, moet die volgende woorde wat net 'n bietjie verder aan in Jer. 29: 17 staan, ook op die persoon se hier en nou toepaslik wees:

So sê die Here: Ek laat oorlog, hongersnood en pes onder hulle los en maak hulle soos oopgebarste vye wat so sleg is dat 'n mens dit nie kan eet nie. Ek sal die volk agtervolg met oorlog, hongersnood en met pes.

Wat maak dat die een deel toepaslik gevind word vir identifikasie en die ander deel nie, indien hierdie gedeeltes los van die konteks geles word?

Indien iemand kan identifiseer met die ballinge wat duisende jare gelede uit Israel weggevoer is Babilon toe en vir 70 jaar daar moes bly as straf vir hulle ongehoorsaamheid, moet so 'n persoon ook kan identifiseer met die deel van Israel wat nie weggevoer is.

2. Lydingsteologie

Mense wat hierdie standpunt ondersteun sal uitsprake soos die volgende in die Bybel gebruik om hulle standpunt te ondersteun:

2 Tim. 3:1:

Dit moet jy weet: In die laaste dae sal daar swaar tye kom. Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemens en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. Hulle sal nog die uiterlike skyn van godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie.

Hierdie professie kan vir ons tyd, vir jou en my, geldig wees sonder dat die konteks daarvan verwring hoef te word.

Mat. 19:23:

Jesus het toe vir Sy dissipels gesê: Dit verseker Ek julle: 'n Ryk mens sal moeilik in die hemel kom. Ek stel dit nog sterker: dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom.

Hierdie is 'n tydlose waarheid wat Jesus vir alle mense van alle tye uitspreek en daarom kan ons daarmee identifiseer.

Joh. 16:33:

Indien jy 'n dissipel van Jesus is, praat Hy met jou vandag nog net soos met Sy dissipels van 2000 jaar gelede wanneer Hy sê:

In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin.

Mat. 5:3

Jesus sonder 'n spesiale groep mense uit vir wie daar besondere seën wag.

Luister na die tydlose bergpredikasie vir alle mense:

Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is.

Geseënd is die wat treur.

Geseënd is die wat vervolgt word omdat hulle doen wat reg is.

Voorspoed lyk vir Jesus anders as wat dit vir die voorspoedsteoloë lyk.

Mat. 6:33

Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Die voorspoedsteoloë is lief om hierdie versie vir hulle siening te gebruik. Dit is net jammer dat God se koninkryk en Sy geregtigheid maar eintlik net die middel tot 'n doel is, naamlik om voorspoedig hier op die aarde te kan lewe. Weer word die konteks van die gedeelte deur die voorspoedsteoloog misken. Die *ander dinge* waarna hier verwys word, is uit die konteks beskou, dinge soos *kos* en *klere*, nie soos die een pastoor die Mercedes met die ronde ligte *Gename* en *Geclaim* het nie.

Lukas 9:58

Toe sê Jesus vir hom: Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir Sy kop nie. Dit stem nie ooreen met die siening van baie voorspoedsteoloë dat Jesus eintlik 'n ryk man was nie.

Jesus.

Jesus was by uitstek die Een wat die meeste lyding ooit op hierdie aarde verduur het. Hy was die man van smarte en bekend met krankheid. Sy lyding was so erg dat Sy Vader donkerte oor Sy Kind se lyding laat kom het op Golgota. Indien Jesus so gely het vrywaar dit ons dan en beteken dit dat ons van lyding gespaar sal word? In hierdie verband verklaar Jesus vir al Sy volgelinge, ook vir ons: *Joh 13:16*:

'n Slaaf is nie belangriker as sy eenaar nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie (t.o.v die ewige opdrag van voetewas en nederige dienslewering). Om jou kruis te dra sal seker nie in die meeste voorpoedsteoloë se sienings ten opsigte van hierdie lewe inpas nie. Tog verklaar Jesus vir al Sy volgelinge 'n universele uitspraak vir alle tye die volgende: (Mat.10;37)

Hy wat sy pa of ma liefier het as vir My, is nie werd om aan my te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liefier het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie. (Wat dan nog van materiële besittings?) Hy wat nie sy kruis dra en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie.

Die Dissipels

Jesus se eerste volgelinge was nie ryk, vermoënde mense nie. Hulle het alles behalwe voorspoed beleef. Luister maar net hoe Paulus sy lewe beskryf (2Kor. 11:23 en verder):

Ek het harder gewerk, ek was meer in die tronk, ek is meer dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsgevaar. Vyf maal het ek van die Jode die gebruikelike straf van 39 houe gekry, drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag op die oop see deurgebring. Ek was dikwels op reis en in gevaar: Daar was gevare van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld ; gevare op die see en gevare onder onder vals broers. Daar was vir

my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue.

Indien God toegelaat het dat Sy uitverkore geliefde kind, Paulus dit terwille van die Evangelie se verspreiding moes verduur, maak die voorspoedsbelofte van die voorspoedsteoloog net nie sin nie.

God kan en mag seën, ook materieel. Soos 'n wyse vader sal God net seën met wat en hoeveel Hy weet goed vir Sy kind sal wees sonder om Sy kind se Gees te benadeel.

Jesus is die Gesalfde Koning.

Op die vierde dag het God die son, maan en sterre gemaak (Gen. 1:14) Die eerste drie skeppingsdae het sonder die tydsaanduidings van 'n son wat opkom en ondergaan verloop. Eers op die vierde dag het aanduidings van *seasons, days and years* (*Amplified Bible Gen. 1:14*) gekom. Die tydsaanduidings van dag een, twee en drie het geen verband gehad met tydsaanduidings soos ons dit vandag ken nie. Vir al wat ons weet kon dag een twintig miljoen jaar geduur het en dag drie honderd en vyftig miljoen jaar. Eers op die vierde skeppingsdag het daar aanduidings gekom van seisoene, dae en jare.

Wanneer 'n mens 75 jaar oud word het jy reeds die Bybelse lewensverwagting van die mens se leeftyd van 70 jaar met 5 jaar oorskry. Die wat reeds daar is sal vir jou kan sê dat die beleving van tyd dan 'n heel ander ervaring word. Skielik is die gewaarwording daar dat daar min tyd oor is. Daar kom 'n dringendheid om die tyd wat oor is goed, verantwoordelik en sinvol te gebruik. Hierdie kriteria van sinvolheid sal ingekleur word deur die lewenshouding van die betrokke persoon. So sal die hedonis die maksimale genot uit die stukkie lewe wat oor is probeer haal. Die gelowige mens sal weer dringend soek na God se eer, Sy koninkryk en Sy wil.

Die gelowige mens sal vir jou vertel dat hy of sy meer en meer in God se koninkryk begin leef en al minder in hulle eie koninkryke. Die sin van dinge sal

grootliks bepaal word deur die vraag of dit God se koninkryk dien al dan nie. Die persoon sal ook vir jou sê dat hy of sy al meer die dinge van sy Koning bedink. Hulle praat makliker en meer met die Koning van die Koninkryk. Dit is aangenaam om meer en meer in Sy teenwoordigheid te wees. Dit is asof hulle begin wonder oor die wat hulle vooruit is en reeds in die koninkryk is en wat hulle daar doen. Hulle wonder oor wie daar by hulle Koning is, en wie dalk nie daar is nie. Hulle geniet dit om stil by hulle Koning se voete te sit en Sy arms van genade en liefde om hulle te voel. Soms raak hulle haastig dat Hy hulle moet kom haal. Soms voel dit of daar nog so baie is wat hulle eers vir hulle Koning hier op die aarde moet klaarmaak. Soms wil hulle nie die voete van hulle Koning verlaat nie en wil hulle sommer net by Hom bly. Die sekulêre lewe hier op die aarde raak al minder sinvol. Al die gejaag na plesier, die krampagtige vashou aan besittings, die onophoudelike strewe na aardse sekuriteite, die sinloosheid van sport en die magspeletjies van politici raak al vlakker en van minder belang. Daar word al meer oor siele en veral verlore gaande siele by die Koning van die Koninkryk gepleit. Daar word al meer by Hom gehuil vir die wat nie wil inkom nie. Die eie koninkryk raak dof en onbelangrik. Soos Sy Koninkryk meer jou koninkryk word, word die huidige tydskdimensie met 'n ewige tydskdimensie vervang. So beleef die 75 jarige meer die koninkryk van sy Koning en is hy of sy geleidelik besig om afskeid te neem en gereed te maak vir die groot oorgang, die laaste besoek aan die Koning se Koninkryk, wat sonder 'n terugkeer sal plaasvind. Dit is dan wanneer die Son nooit ondergaan nie. **Dankie my Koning.**

Jesus is regter oor lewendes en dooies.

In Kliniese Hipnose is die terapeut baie versigtig om negatiewe suggesties by sy pasiënt te laat. Daarom is sy woordgebruik baie versigtig. Woorde wat negatiewe konotasies het, sal vermy word. So sal die terapeut eerder woorde soos mooi, nie so mooi nie, goed, en minder goed gebruik as woorde soos sleg, afskuwelik ens. Die gebruikers van hipnose gebruik die wyskede van lank terug, soos dit in die Bybelse openbaar is naamlik soos wat *jy dink is jy* en *die woorde wat jy spreek het krag*. Die wetenskap van die Neurologie het ontdek dat die gebruik van denkpatrone neuronbane vestig. Hierdie neuronbane sal op hulle beurt weer nuwe gedagtes in sekere patrone lei. Dit werk amper soos 'n voetpad, wat met baie gebruik al makliker herkenbaar word.

Hierdie gedagtes is niks nuuts nie. In die Bybel word duisende jare gelede op verskeie plekke hierdie waarhede vir ons opgeteken, lank voor die Sielkunde en die Neurologie op die toneel verskyn het. Dink maar aan die die wysheid van Fil. 4 waar die norm van watter woorde bedink moet word vir ons uitgewys word; *Waar, edel, Reg en regverdig, rein, mooi, goed en lofwaardig.*

Daar was sedert die sondeval nog altyd die twee pole: Goed en Sleg, Hemel en Hel, God en Satan. Op hierdie twee temas is daar baie uitbreidings byvoorbeeld:

Goed, God en Hemel:

Liefde, vergifnis, vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid, selfbeheersing (Gal. 5:22)

Sleg, satan en Hel:

Haat, oordeel, , vals, sleg, onregverdig, vuil, lelik, vervloeking, onrus, hartseer en pyn, ongelukkigheid, ongeduld, onvriendelikheid, nors, selfsug, ontrou, onbetroubaar, selfverheffing, selfhandhawing, ongebonde, onvergifnis, vals, skelm, dubbelhartig, seksueel losbandig, respekloos.

Dit voel of 'n mens eindeloos die gruwels van satan kan opnoem terwyl 'n mens moet dink om die mooi en goeie te kan uitlig. Waarom sal dit so wees? Kan dit wees dat die neuronbane van die slegte deur oorgebruik so vasgelê is in ons breine dat dit die voetpad van voorkeur vir ons gedagtes geword het?

Wat sal riglyne wees indien 'n mens die waarheid van God ten opsigte van ons gedagtes aanvaar en wil toepas, naamlik dat alles nuut geword het, ook ons gedagtes toe ons nuwe wedergebore mense geword het?

Ons sal die goeie in ons gedagtes moet oefen, deur dit te gebruik en te bedink. Met ander woorde ons sal die inhoud van ons gedagtes doelbewus moet kies en moet fokus. Ons sal die goeie in ons gedagtes moet herhaal, om dit nuwe neuronbane te laat vorm, nuwe voetpaadjies vir ons denke.

Prakties:

- 1. Indien jy 'n koerant kan vind wat aan die norm vir goeie beantwoord, lees hom. Indien jy nie so 'n koerant vind nie los die lees van koerante.**
- 2. Indien jy televisieprogramme kan kyk wat waar, edel, rein, regverdig, mooi en lieflik, goed en prysenswaardig is, kyk dit. Indien jy nie so 'n program het nie, moenie na die program kyk nie.**
- 3. Indien jy 'n storie lees of kyk waarin God se Naam as 'n vloekwoord misbruik word, stop dit. Waarom sal jy deel in die vloek wat op hulle sal kom wat Sy Naam misbruik?**
- 4. Wanneer jy op die internet na iets soek maak seker dat dit waarna jy soek waar is, edel is, rein is, regverdig is, lieflik is, goed en prysenswaardig is.**
- 5. Bedink die dinge van God en hoe dit in die hemel is.**
- 6. Kies jou vriende reg. Dit sal vriende wees wat hulle gedagtes ook vul met die inhoud waarmee jy joune vul.**
- 7. Oppas vir dit wat jy sê. Toets altyd die woorde van jou mond of dit aan die kriteria wat jy nastreef voldoen.**
- 8. Probeer die woorde wat met satan en dit wat hy doen te doen het vermy.**
- 9. Tyd is so kosbaar. Probeer jou tyd bestee aan dinge wat geestelik opbouend is, soos die lees van boek met 'n inhoud wat aan jou kriteria vir die goeie voldoen.**

10. Omdat God die Bron van die Goeie is, is dit nodig om baie tyd saam met Hom te bestee; luister na Hom deur te lees uit Sy Woord en praat met Hom in die gebed. So bou jy 'n verhouding met Hom.

11. In die 1920's het satan dit reggekry om die klem in die onderwys te laat skuif. Voor hierdie tyd is die kind geleer om te dink. Na die 1920's het die klem toenemend begin val op passiewe inneem van kennis, met ander woorde, om deur ander geleer te word. So het satan die huidige scenario voorberei; 'n tyd waarin ons tog so gewillig is om geleer te word. 'n Magdom kennis is beskikbaar gestel wat die mens op die maklikste manier denkbaar kan leer en onderrig, naamlik die internet. Die tafel was gedek om die mens leuens en halwe waarhede te leer. Die groot Bron van leer, die Heilige Gees is geïgnoreer en die mens het na sy eie afgod die mens self toe gedraai om geleer te word. Daarom is dit nodig om dinge wat in die vorm van kennis na jou toe kom te bedink, te toets, te ondersoek veral aan die kriteria wat ons in Fil. 4 gekry het.

Heilige Gees is Parakletos: Langsaan Geroepene.

Die gelykenis van die saad, in Lukas 8:4, en Jesus se uitleg van die gelykenis in Lukas 8:11, is aan die meeste gelowiges baie bekend.

Waarom gee so min gelowiges uitvoering aan hierdie wonderlike gelykenis wat hulle so goed ken?

Waarom is daar so min gelowiges wat die 30 voudige, 60 voudige en 100 voudige vrug, op die saad wat Jesus saai, dra?

Kom ons kyk weer na hierdie gelykenis. Daar is min ander gelykenisse wat in soveel detail deur Jesus behandel word en wat so breedvoerig deur Hom verduidelik word. Dit kom voor of Jesus graag wou gehad het dat ons moeite met hierdie gelykenis moes maak.

Die eerste deel van die saad val op die klipperige pad. Voordat dit kan begin groei word dit deur die voëls opgepick. Jesus sê die saad wat Sy Woord is word in hierdie geval nie deur die menses verstaan nie en satan neem die Woord dan uit hulle lewens weg. **Wat kan jy doen indien jy nie die Woord verstaan nie?**

Jy kan na mense toe gaan wat dit wel verstaan en vra dat hulle dit vir jou moet verduidelik. Die Heilige Gees is ook gereed om God se Woord vir jou duidelik te maak indien jy Hom sal vra en sal toelaat. Jy kan self ook tyd maak om die Woord te oordink en weer en weer te lees. In die kerk word daar besonder moeite gedoen

om God se Woord te verduidelik. Daar is baie geleenthede om God se Woord te leer verstaan indien die mens daarvan wil gebruik maak.

Goed gestel jy val nie in die eerste kategorie nie, jy verstaan God se Woord maar jy is een van die mense in wie se lewe daar nie diepte is nie. Jy het net 'n dun lagie grond en onder die grond is daar 'n klipbank. Dit is die mense met 'n kliphart. Die saad val maar kan nie wortelskiet nie want die mens se hart is te hart. Hierdie mens se hart is hard vanweë sondes. Dikwels is dit die sonde van onvergifnis wat die mens se hart soos klip maak. Soms is daar ander sondes waaraan die mens vashou soos geheime liefhebberye of verslawing. Soms hou die mens hom so besig met die dinge wat nie van God af kom nie soos koerante, fliëks, video's, sport, televisie en genot dat die klipharde hart net nie voor God kan breek nie. **Wat kan die mens met die kliphart doen om sy hart weer sag en ontvanklik voor God te maak?**

Vergewe jou medemens, bekeer jou tot God, bely jou sondes voor Hom, maak jou los van afgode, breek voor Hom, erken jou onvermoë om jouself te red, wandel met Hom elke dag, kies Hom bo alles en almal, elke dag, gee oor aan Hom wat vir jou 'n nuwe hart kan gee, 'n hart van vlees, 'n sagte hart waarin Sy woord kan ontkiem en kan groei.

Die derde groep is die waar God se Woord verstaan word, dit in diep goeie ontvanklike en vrugbare grond val, ontkiem, opkom, 'n goeie wortelstruktuur het maar sodra die saad goed begin groei kom daar ook dorings en distels op wat die

plantjie so vertrik dat dit niks vrug kan dra nie. Hierdie mense, sê Jesus, is die wat die Woord ontvang maar die sorg van die lewe en die soek na rykdom verstrik die plantjie sodat dit geen vrug kan dra nie. **Wat kan die mens wat agterkom dat bekommernis en die gejaag na rykdom sy geestelike lewe skade aandoen aan hierdie saak doen?**

Is dit moeilik om aan God gehoorsaam te wees. Indien Hy hierdie dinge as probleme in jou lewe uitwys, waarom nie die sondes bely, dit laat staan en die beloftes wat Hy vir ons gee jou eie maak nie?

29 Maart

Van self tot God

(Van koninkryk tot Koninkryk)

Die Heilige Gees is “Advocate”

In Mat. 6:33 staan die volgende opgeteken:

....., beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

Die dinge waarna die voorafgaande paragrawe verwys is dinge soos: *Voedsel klere, geld en tyd*. Jesus waarsku die mens uitdruklik om nie oor hierdie dinge bekommerd te wees nie. Wat veral in Mat. 6:33 opval, is die woorde *beywer* (*span jou in, strew na, probeer hard om te bekom*) en *allereers* (*voor enigiets anders, om as hoogste prioriteit te beskou, om bo enigiets anders te stel, dit die eerste doelstelling en mikpunt te maak, om jou lewe hierom te laat wentel*)

Eintlik word die modelgebed wat Jesus vir Sy dissipels geleer het in Mat. 6: 9 tot 13) alreeds hier aangevoer naamlik dat God se Koninkryk bo alles gesoek moet word en so ook Sy wil. Indien dit gebeur sal dit alles meewerk om God se Naam groot te maak.

Wanneer die hoogste prioriteit God se Eer, Sy Koninkryk en Sy Wil is, sal die mens gerus kan wees dat God ook in die mens se behoeftes sal voorsien, dit wil sê kos, klere, geld ens.

Indien die mens kies, soos die natuurlike mens doen, om eers sy eie koninkryk te soek en sy eie wil te doen, kan hy nie verwag dat God na sy menslike behoeftes moet omsien nie. Die mens maak mos dan van homself, sy eie god, wat self voorsien. God kan tog nie die mens in sy kwaad sterk nie. God sal tog nooit jou aardse koninkryk seën indien Sy koninkryk daardeur skade sal ly nie. Omdat God elke mens so goed ken sal Hy jou nooit seën op jou aardse pad met meer as wat jy kan hanteer nie. Hoeveel die gelowige ten opsigte van aardse materiële dinge ontvang, is 'n goeie aanduiding met hoeveel God jou kan vertrou sonder dat dit Sy koninkryk in jou sal bedreig. In Jer. 15: 19 staan in die Amplified Bible die volgende opgeteken:

....if you give up this mistaken tone of distrust and despair, then I will give you a settled place of quiet and safety.

Benewens die ywer vir God se koninkryk en vir Sy wil, wat as hoogste prioriteit moet geld, kom daar dus nog 'n vereiste by, indien die mens ook op die aarde in God se seën wil deel: *Daar mag geen teken van wantroue of wanhoop by die mens ten opsigte van God se beloftes wees nie.* Die teken dat jy God nie ten volle vertrou nie, sal veral in jou wanhoop lê. Verder in Jer. 15:19 word die wantroue in God soos volg verwoord:

Unworthy and unwarranted suspicions concerning God`s faithfulness

Bykans alles in hierdie lewe is 'n verwysing na ons Jeshua. Hy wat alles was moes niks word. Hy wat die lewe is en die lewe gee, moes sterf. Hy, die Koning,

moes die dienskneg word. Alles moet in Hom sterf en niks word om soos Hy te kan begin lewe. Die rede hiervoor is opgesluit in die feit dat die prys wat Hy vir ons vergifnis moes betaal alles van Hom gevra het. Die mens moet dus ook aan homself sterf om saam met Jesus te kan opstaan. Alles gaan oor die heenwysing na ons Jesus en wat Hy vir ons redding gedoen het. Dit alles word so pragtig saamgevat in die volgende versie in Joh.12:25:

Wie sy lewe bo My liefhet verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou.

30 Maart

Vandag

Die Heilige Gees is “Comforter”

Daar is ‘n gesegde: *Dit maak nie saak hoe jy begin nie maar wel hoe jy eindig.*

Vandag mag dalk die dag wees waarop jou of my lewe gaan eindig.

Hoe sal jy wil eindig?

Sal jy met ‘n mislukte of ‘n suksesvolle lewe wil eindig? Vir ‘n gelowige is ‘n mislukte lewe om die ewigheid in die hel deur te bring. ‘n Suksesvolle lewe sal ‘n ewigheid saam met Jesus in die hemel wees.

Om suksesvol te wees, sal dan beteken dat Jesus jou by die hemelpoort verwelkom en jou innooi omdat jou sondes vergewe is, jy rein gewas is in Sy bloed en jy Sy genade-aanbod aanvaar het vir jouself. Indien jy die soenverdienste van Jesus vir jou sondes aanvaar het, beteken dit dat jy ten minste twee dinge glo:

1. Jesus is oneindig lief vir my.
2. Hy het vir al my sondes geboet toe hy op Golgota gekruisig is en sy bloed al my sondes afgewas het. Met ander woorde dat God my, my sondes vergewe het omdat ek glo dat Jesus, Sy Seun, die volle boete vir my vrypraak betaal het.

Jou lewe vandag sal wys of jou lewe suksesvol is en of dit ‘n mislukking is. ‘n Suksesvolle lewe sal soos Jesus wees: Vol liefde en vol vergifnis.

Hoe kry ek so 'n suksesvolle lewe?

Met selfpogings gaan jy nie slaag nie.

Dit is alleen wanneer jy aanvaar dat God en Sy Seun, Jesus, jou oneindig liefhet dat liefde in jou gebore kan word. *Ons het lief omdat Hy ons eerste liefgehad het* (1 Joh. 4:10). Wanneer jy in Sy liefde vir jou begin glo en toelaat dat Hy Sy liefdevolle arms om jou vou, word liefde in jou gebore. Kan jy glo dat Hy jou so oneindig lief het?

Wanneer jy in Sy liefde vir jou glo word dit moontlik om te glo dat Hy jou vergewe het vir alles wat jy verkeerd gedoen het. So laat jy Hom toe om jou lief te hê en laat jy Hom toe om jou te vergewe. Uit hierdie liefde en vergifnis word jou liefde vir God en jou medemens gebore. Die liefde sal jou dring om ander mense wat jou benadeel, te vergewe. Indien jy ander nie kan vergewe nie, het daar iewers in jou verhouding met God iets verkeerd geloop. 'n Kortsluiting of 'n verstopping het ingetree. God se liefde en vergifnis vloei nie meer deur jou nie. Om nie te vergewe nie is die wreedste ding wat jy jou medemens kan aandoen. Om nie te vergewe nie beteken dat jy jou medemens van vergifnis weerhou. Jesus sê dat wat ons op aarde bind in die hemel gebonde is en wat ons op die aarde ontbind in die hemel ontbonde is (Mat. 18:18). **Indien jy nie vergewe nie kan jy dalk bydra tot die ewige verdoemenis van 'n ander persoon.** Dalk is dit die rede waarom God ook jou sondes nie sal vergewe nie wanneer jy weier om 'n ander persoon te vergewe.

Ons kan God net aanhou dank omdat ons weet dat die ou mens, wat nie kan vergewe nie, saam met Christus gesterf het (Gal. 2:20). Ons kan ons dan verbly in die opstanding van 'n nuwe mens, 'n mens wat vergifnis ontvang het en vergifnis uitdeel.

Die Heilige Gees is "Counsellor".

'n Vark rol graag in die modder. 'n Hond keer terug na sy braaksel. Die sondige mens is lief vir sonde. Elke dier tree op volgens sy aard. 'n Aggressiewe dier tree aggressief op, 'n liefvallige dier tree liefvallig op. So ook tree 'n mens wat vol van die liefde van die Here is, liefdevol op. Die mens vol van haat en onvergifnis tree haatlik op en vergewe nie maklik nie. Die mens is gewoonlik kongruent met sy aard in sy optrede en woorde. Selfs die slegte mens wat sleg optree is nog beter in God se oë, as die mens wat voorgee dat hy goed is in sy diepere self en dan in onbewaakte oomblikke sy ware slegte self te voorskyn laat kom. Met so 'n valse mens weet jy nie waar jy staan nie. Jesus het in Sy omwandeling hier op die aarde dikwels die Fariseërs en Skrifgeleerdes tereggewys en hulle as gevolg van hulle valsheid, witgepleisterde grafte genoem, buite mooi maar binne vol doodsbeendere (Mat. 23:27).

Die gevolg is dat die mens met dit wat hy verkies om hom mee besig te hou openbaar wat binne -in hom of haar is. Die mens vol van die Gees van God sal graag met die dinge van God besig bly. So 'n mens verlustig hom of haar in die Here. Dis die beste plek vir so 'n mens om in Sy Here te bly, soos sy Here in hom bly (Joh. 15:4). So 'n mens sal graag bedink wat goed en mooi is. So 'n mens sal graag tussen ander mense wil wees, mense wat God se Gees in hulle binneste het. Hy sal graag identifiseer met mense wat God dien en vir God lief is. Hierdie mens

sal graag luister na dinge wat ooreenstem met wat binne- in hom of haar is, met ander woorde dinge wat met die vrug van die Gees te make het, soos: liefde, vrede en vreugde, geduld, vriendelikheid, goehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal. 5:22). In hierdie mens se lewe sal die vrede van God die deurslag gee (Kol. 3:15). So 'n mens sal graag bedink wat waar, eerbaar, reg, rein en lieflik is en wat lof verdien (Fil.4:8). Die mens wat God se Gees binne- in hom het sal graag met ander Geesvervulde mense verkeer en gedagtes met hulle wissel. Hy of sy sal graag dinge kyk, bekyk, beluister, bespreek en geniet wat met die Gees binne- in hulle versoenbaar is. So 'n mens sal nie tuis voel by mense wat geestelik vuil en sleg is nie. 'n Onrein mens sal nooit by geestelike rein mense tuis voel nie. Dit is net nie volgens die onrein mens se aard nie (Rom. 8:8). Nee hy of sy sal sy of haar soort opsoek, met hulle wil verkeer, hulle dinge bedink en hulle dinge doen. Die sekulêre wêreld sal hierdie mens aantrek, hom of haar gemaklik laat voel, hom of haar bekoor, en sy of haar gedagte-wêreld vul. Prakties sal die moddervarkmens die modder verkies. So 'n mens sal voorkeur gee aan onderwerpe, aktiwiteite, mense, boeke, geskrifte, tydsverdryf en gesprekke wat liefs niks met God en Sy Gees te make het nie. Hy of sy sal graag die sekulêre bedink, met ander woorde wat afstootlik, sleg, onrein, lelik en onregverdig is, dinge wat afkeuringswaardig is. So 'n mens sal uit die doolhof van die doodsgange in sy hart die werke van die dood voortbring.

Is daar vir die vark hoop?

Was ek en jy nie eens op 'n tyd ook deel van die varktrop nie?

Indien God jou modderige sonde kon afwas, kan Hy dit dan nie ook vir 'n ander vark doen nie?

1 April

Verstaan jy Job?

Die Heilige Gees is “Helper”.

Daar is min mense wat die Boek Job regtig verstaan. Daar is verskillende eksegeese vir hierdie aangrypende werk. Daar is baie onsekerheid oor wie Job was, waar hy gewoon het, wanneer hy geleef het en wie die gedeelte oor Job opgeteken het. Die groot vraag is egter: *Wat het Job vandag vir ons te sê? Wat is die boodskap van Job? Ook hieroor is daar heelwat meningsverskil. Dikwels word beweerd dat dit in hierdie boek veral gaan oor die vraag: Is dit verniet dat Job God gevrees het?*

Dikwels kom daar by die bestudering van Job meer vrae as antwoorde tevoorskyn. Maar in die baie vrae wat gevra kan word, kom daar ook interessante moontlikhede tevoorskyn. Neem nou maar die volgende:

1. *Kan jy God bly vertrou al ly jy?*
2. *Kan jy God bly vertrou al verstaan jy nie waarom dinge met jou gebeur nie;*
3. *al is daar geen logiese verklaring vir wat met jou gebeur nie,*
4. *al word die wette van oorsaak en gevolg verbreek?*
5. *Breek geloof, deur lyding, deur die beperkings van die intellek;*
6. *is ware bevryding dan net in sinlose(onverklaarbare) lyding te vinde?*
7. *Word die sinloosheid (onverklaarbaar volgens oorsaak en gevolg) van Jesus se lyding aan die kruis net deur geloof sinvol gemaak?*

8. *Betekén dit dan dat ons die diepste waarhede alleen deur geloof en nie intellektuele verklarings, volgens oorsaak en gevolg, moet hanteer nie?*
9. *Is die leuen van satan, soos in die paradys aan Eva voorgehou, dan steeds vandag die groot struikelblok in die redding van 'n mens se siel? Is redding dan, nie in verstaan en ken gegrond nie, maar in vertroué en in geloof?*
10. *Is dit waarom God die eenvoud van die Evangelie gekies het om die wysheid van die wyses te beskaam?*

2 April

Vier Offers

Die Heilige Gees is “Intercessor”.

Abraham bring sy enigste seun, Isak, as ‘n offer vir God.

God bring Sy enigste Seun as offer vir die verlossing van die mens.

Jesus bring as offer, vir die verlossing van die mens, Sy eie lewe.

Die mens bring as offer vir sy verlossing homself.

Die redding van die mens is onlosmaaklik verbind aan die bring van ‘n offer.

Altyd moet iets of iemand opgeoffer word. Daar moet ‘n prys betaal word. Daar is altyd iets of iemand wat tot niet moet gaan wanneer die offer gebring word.

Waarom is dit so?

Alles begin voor die mens nog geskape is, toe satan iets en iemand wou wees. Hy het gedink dat hy god kan wees. In sy strewe om iets en iemand besonders te word het hy deel geword van die reddingsplan van God. Hierna sou God se goedheid en Sy redding altyd sentreer om die niks, die totnietgaan, die sterf, van die sondaar. Die straf op die sondeval was immers die dood. Alles wat goed is en wat lewe sal uit die dood groei. So sal die saadkorrel eers in die grond moet sterf voordat daar uit die saad lewe sou voortkom. Die sondaar sou net in God se reddingsplan inpas indien die sondaar niks, die teendeel van sy strewe om iets te wees, word. Daarom is die sleutelbegrippe om die mens se redding altyd iets wat met die niks van die mens te make het. Jesus verklaar in hierdie verband:

Indien iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en my volg (Mat. 10 :38)..

Die redding van die mens sentreer dan om begrippe soos:

Nederigheid, onderwerping, afhanklikheid, selfverloëning, diensbaarheid, om te buig, voetewas, arm te wees, niks te wees nie, ongeleerd te wees, gestroop te wees van jou status, kortom om progressief niks te word totdat jy sterf aan jou self as die hoogste vorm van niks wees nie.

Die taal van die afgestorwe mens is herkenbaar aan woorde soos: *Dankie, gaan jy eerste, wat kan ek vir jou doen, wat wil jy hê, hoe kan ek dit vir jou goed en mooi maak, kortom alles wat met Kol. 1: 4 te make het.* Hier staan dit pragtig in die Amplified Bible soos volg opgeteken:

*For we have heard of your **faith** in Christ Jesus (the leaning of your entire human personality on Him in absolute trust and confidence in His power, wisdom and goodness), and of the **love** which you (have and show) for all the saints (God's consecrated ones). 5. Because of the **hope** (of experiencing what is) laid up (reserved and waiting) for you in heaven.*

Geloof is tog die aflê van die self in die verwagting dat Iemand groter as jy dit wat gedoen moet word, sal voltrek, dit wat jy nie in staat is om te doen nie. Onmoontlik sonder **Selfdoding**. **Liefde** is die wegdraai van die self af na die belang van die ander. Onmoontlik sonder **Selfdoding**. **Hoop** is om buite jouself

te soek en te verwag dat iets goeds buite jou eie toedoen met jou sal gebeur.

Onmoontlik sonder **selfdoding**.

Die moderne Sielkunde hou nie van die term selfmoord nie. Dit pas nie in by die humanistiese beskouing van die mens nie. Hulle verkies die term selfdoding. Vir ons beteken selfdoding die sterf aan die self ten einde God se lewe in ons te kan ontvang.

3 April

Vir moeë pelgrims

(Ps. 30, Ps. 31 and 32)

Die Heilige Gees is “Strengtheners”.

Psalm 30:

1. You saved me from my enemies.
2. I pleaded with You and you gave me my health again.
3. You brought me back from the brink of the grave.
4. Weeping may go on all night, but in the morning there is joy.
5. How can my dust in the grave speak out and tell the world about your faithfulness.
6. Then He turned my sorrow into joy.
7. O, Lord my God, I will keep on thanking You forever!

Psalm 31:

1. Lord, I trust in You alone.
2. Bent low and hear my whispered plea.
3. Honour Your Name by leading me out of this peril.
4. Into Your Hand I commit my spirit.
5. How You hate all those who worship idols.
6. I am radiant with joy because of Your mercy, for You have listened to my troubles, and have seen the crisis of my soul

7. O Lord have mercy on me in my **anguish**. My eyes are red from **weeping**, my health is broken from **sorrow**. I am pining away with **grief**; my years are shortened, drained away because of **sadness**. My sins have sapped **my strength**. I stoop with **sorrow** and **shame**. I am **forgotten**. I heard the lies about me, the **slanders** of my enemies.

But

8. I was trusting in You, O Lord. You alone are my God. My times are in Your hands. Rescue me from those who hunt me down relentlessly

9. Save me just because You are so kind.

10. Don't disgrace me, Lord , by not replying when I call to You for aid.

11. Oh, how great is your goodness to those who publicly declare that you will rescue them. For You have stored up great blessings for those who trust and reverence You.

12. Blessed is the Lord, for He has shown me that His never failing love protects me like the wall of a fort.

13. You listened to my plea and answered me.

14. The Lord protects those who are loyal to Him.

15. **So cheer up! Take courage if you are depending on the Lord.**

Psalm 32:

1. You are my hiding place from every storm of life; You even keep me from getting into trouble.

2. You surround me with songs of victory.
3. I will instruct you, says the Lord, and guide you along the best pathway for your life; I will advise you and watch your progress.
4. **Abiding love surrounds those who trust in the Lord**

Die Heilige Gees is “Standby”.

Die mens is goed bekend met die stel van vrae. Selfs die klein kindjie wil graag weet, waarom? Dit is vir die volwassene een van die mees frustrerende ervarings om iets nie te verstaan nie en om nie te kan weet nie. Daarom word die internet oorlaai met vrae om antwoorde te soek. Boeke, tydskrifte en nuusblaaie word naarstiglik ondersoek om antwoorde te probeer vind. Selfs Jesus het by Sy Vader gevra dat die beker van lyding by Hom moet verbygaan, indien dit Sy Vader se wil is. Satan is by uitstek die vraagsteller. Heel aan die begin van die mens se geskiedenis vra hy vir Eva: *Het God waarlik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie (Gen. 1:3)*. In Matt. 26:15 stel Judas Iskariot die volgende vraag aan die priesterhoofde: *Wat sal julle vir my gee as ek sorg dat Jesus in julle hande kom?* So baie mense het deur die eeue gevra: *Waarom Here?*

Die behoefte om te weet is nie noodwendig verkeerd nie. Die motief om te weet kan egter verkeerd wees. Die vraag wat satan aan Eva stel het ‘n verskuilde motief gehad. Hy wou haar by gesprekvoering en redenering betrek want hy het geweet hoe maklik hy haar deur beredenering kan verlei. Die vraagstelling van Judas was namens sy vader, die duiwel, om homself te bevoordeel. Jesus se versoek aan Sy Vader was deur eerbied, respek en onderwerping aan Sy Vader se wil gemotiveerd. Sokrates, het vraagstelling tot wetenskap verhef en dit het ‘n nuwe denkdisipline tot gevolg gehad naamlik die Dialektisme. Vraagstelling speel ook

‘n rol in Pragmatisme. Die vraag wat telkens hier gevra word is of dit wat die mens doen vir hom werk, of positiewe resultate vir die mens tot gevolg het. Indien iets werk is dit moreel gesproke die regte ding om te doen. Die mens word so sommer sy eie god en skep sy eie moraliteit deur sy intellektuele vermoëns en vraagstelling. Dit gaan nie meer in die Pragmatisme oor wat God se wil is en wat God vir die mens in Sy Woord sê nie. Indien dit vir die mens positiewe uitkomstes het is dit moreel aanvaarbaar. Siedaar so word die moderne moraliteit gegrondves.

Dit wil lyk of daar ‘n kontinuum is ten opsigte van die regte en verkeerde vrae wat gestel kan word. Op die slegste deel van die kontinuum sal vrae soos: *Wat is daarin vir my?* Nog vrae in hierdie verband sal die volgende wees: *Wat sê die koerante oor die ekonomie, die toekoms van ons land, wat ons van die leier kan verwag?* Op die middel van die kontinuum sal neutrale vrae soos die volgende lê: *Hoeveel dae is daar in die week?* Weereens kan die motief van die vraagsteller die vraag ‘n skewe kinkel gee soos wanneer die vraagsteller twyfel probeer saai ten opsigte van die Skepper se skeppingskrag en die waarheid van die Bybel. Vrae wat hoog, ten opsigte van positiwiteit op die kontinuum sal lê, sal vrae soos die volgende wees: *Hoe kan God so goed en genadig wees om ‘n sondaar, soos ek, lief te hê? Hoe kan ek God beter dank en eer? Hoe kan ek sy koninkryk se koms bevorder? Hoe kan ek meer oorgee aan God se Gees sodat Sy Gees God se wil in en deur my kan doen?*

Teen die einde van die dag is daar net een oplossing vir die vraagstellende mens naamlik Rom.12: 2:

Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe, dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed, aanneemlik en volmaak is.

Vir die gehoorsame mens sal dit dan ook nie moeilik wees om die regte vrae met die regte motiewe te vra nie.

Jesus sê in die voorlaaste versie van die Bybel: *Ja Ek kom gou.* En ons jubelende vraende verwagting van Hom is : ***Amen, kom Here Jesus!*** (Openbaring 22:20)

5 April

Vrede

Die Heilige Gees dra vrug: Liefde, Vrede, Vreugde.

Peace word in die Amplified Bible in 2 Petrus 3:14 soos volg omskryf:

In serene confidence, free from fears and agitating passions and moral conflicts.

In Jer.15:19 word 'n toestand wat baie soos vrede is beskryf in die volgende woorde:

A settled place of quiet and safety.

Is die vrede waarvan hier geskryf word, die vaste plek van rus en stilte en veiligheid nie maar dit waarna die meeste mense soek nie?

In die soeke na vrede is daar egter 'n gevaar in opgesluit. Indien dit die mens se hoogste doel word om vry van vrees, in volkome sekuriteit, sonder konflik en in veiligheid en stilte te leef word dit net nog 'n nuwe passie vir hom. Hierdie nuwe passie word dan sy prioriteit. Die mens sal maklik vir hierdie edele doelstellings kan bid en God daarvoor vertrou. Wanneer die vrede, sekuriteit en stilte hoër as God geag word, word dit 'n afgod. God word dan bloot die instrument wat daarvoor gebruik word. God word dan indiens gestel van die mens en wat die mens self graag wil hê. Indien God die hoogste prioriteit is vir die mens, Sy wil bo alles gestel word, sodat die mens dankbaar teenoor God is vir wat sy eksterne omstandighede ookal mag wees, val alles mooi in plek. Dan kan die mens God vra om, as dit Sy wil is, vrede te gee, nie om die mens gelukkig en tevrede te hou

nie, maar sodat God se eer daardeur gedien kan word, God se koninkryk uitgebou sal word en dat God se wil sal geskied. Dan gaan dit oor God en nie die mens se koninkryk nie. So kom die noodwendige gevolgtrekking: Indien jy God se koninkryk bo jou eie koninkryk stel, kan jy verwag om in vergenoegde vrede te lewe. Indien jy onvergenoegd is, vrees ervaar, gedring word deur vleeslike passies, morele konflikte beleef, en gedryf word deur 'n onversadigde drang na stilte en sekuriteit is die kansse goed dat jy nog in en vir jou eie koninkryk leef. Oppas dan dat jy nie God probeer misbruik om in jou diens te staan en jou vredeskoninkryk te bou nie.

Die Heilige Gees dra vrug: Vriendelikheid, Goedhartigheid, Geduld.

Jesus is die Seun van God. Deur Jesus is alles geskep wat geskape is. Hy was voor alle tyd by die Vader en Hy is die Geliefde van God. Vanuit die hemel het Hy na die aarde toe gekom in die jaar 4vC., tydens die regering van Herodus Antipas. Verskeie persone het die gebeure om Jesus se koms opgeteken, op verskillende plekke, oor 'n tydperk van 40 jaar. Hierdie optekening is deur verskeie persone geverifieer. So was daar oor die 500 mense wat kon getuig het dat hulle Jesus na Sy opstanding uit die dood gesien het, en van hulle het selfs aan Hom geraak. Vier van hierdie breedvoerige uiteensettings, van Jesus se lewe hier op die aarde, is vir ons in die Bybel deur Matteus, Markus, Lukas en Johannes opgeteken. Daar is kleiner verskille tussen die optekenings opgemerk maar die wesentlike van die historiese gebeurtenisse is dieselfde. Verskeie persone uit die tydperk, soos Josephus die geskiedskrywer, kon die wesentlike van die gebeure bevestig. Daar is deur opgrawings baie historiese feite ten opsigte van die Bybelgebeure bevestig. Indien enige persoon aan die korrektheid van die gebeure om Jesus, soos dit in die Bybel opgeteken is, twyfel, word aanbeveel dat die boek van Stroebel, *The Case for Christ*, gelees word. Die wesentlike van Jesus se koms na die aarde toe is die volgende:

Uit die hemelse koninkryk het God se Seun, Jesus, in die nederigste vorm denkbaar na die aarde toe gekom. Hy is as die seun van eenvoudige, arm mense

in 'n stal gebore. Alhoewel Hy uit 'n vrou gebore is, was sy moeder Maria, 'n maagd tydens Sy geboorte. Wat in haar verwek is, was van die Heilige Gees, God se Gees. Jesus het 'n tipiese Joodse kinderjare beleef en is selfs deur sy aards vader as 'n timmerman opgelei. Op ongeveer die ouderdom van 30 het Sy openbare bediening, dit waarvoor Hy uit die hemel na die aarde toe gekom het, begin. Vir drie jaar het Hy in die omgewing van huidige Israel rondgetrek en die doel van Sy koms na die aarde verduidelik, onder andere dat Hy gekom het om in die plek van mense wat sonde gedoen het, in hulle plek gestraf te word vir die mense se oortredings. Hy sou helse smarte moes ly as boetedoening vir die mense se sondes. Uiteindelik sou Hy gekruisig word en sterf. Hy het ook vir die mense kom leer dat Hy in hulle plek helse smarte sou moes verduur voordat Hy op die derde dag uit die dood sou opstaan. Alles het gebeur presies soos Jesus voorspel het. Na Sy opstanding was Hy nog 50 dae op die aarde voordat Hy opgevaar het na die hemel toe. Volgens Sy belofte sal Hy weer terugkom om die mense wat glo wat hier geskryf is, as waarheid, vir hulleself aanvaar, te kom haal om vir ewig by Hom te wees.

Indien jy dit nie glo nie en verkies om die evangelie soos hierbo uiteengesit as onwaar te beskou, of al weet jy dit is waar, soos die duiwels, maar jy aanvaar dit nie vir jou persoonlik nie, sal jy saam met die duiwels vir ewig in die hel vir jou sondes moet ly. Wanneer jy vir Jesus se boetedoening in jou plek NEE sê, of sê die ou storietjies is NIE WAAR NIE, of dit wat Jesus gedoen het in NIE GOED

GENOEG NIE, is daar vir jou **geen hoop** nie. Al wat oorbly is dat jy vir **ewig** in die **hel** moet **boete doen** vir wat jy verkeerd gedoen het en omdat jy nie Sy soenverdienste vir jou sondes wou aanvaar het nie.

God en Sy Seun, Jesus, is oneindig lief vir jou. Hulle wil jou so graag 'n kans op ewige redding bied. Hulle wil jou so graag by hulle vir ewig in die hemel hê.

Waarom sal jy die teendeel kies? Waarom?

Ek smeeek by jou, Ek pleit by jou, kies nou reg.

7 April

Wanneer Here?

Die Heilige Gees dra vrug: Getrouheid, Nederigheid, Selfbeheersing.

Die vraag: *Wanneer kom U Here?* Is seker een van die vrae wat die meeste in die gelowige se gemoed spook. Daarom word eindtydvoorspellings ook in ons tyd van die populêrste geskrifte. Die gewone tekens soos *tekens aan die son en maan, oorloë, hongersnode en aardbewings*, is welbekend. Daar is egter tekens wat nie so prominent is nie maar nietemin net so belangrik is. Kom ons kyk na van hierdie tekens. In 1 Tess 5: 3 staan in die *Living Bible* die volgende vir ons opgeteken:

The day of the Lord will come unexpectedly like a thief in the night. When people are saying: all is well, everything is quiet and peaceful- then all of a sudden disaster will fall upon them---. Die Amplified Bible noem hierdie tekens die volgende: *When all is Well, secure, peaceful and safety.*

‘n Lewenstoestand van **voorspoed, sekuriteit, vrede en veiligheid** sal dus die koms van die Here in baie mense se lewens voorafgaan. ‘n Valse gerustheid sal die mens se lewensomstandigheid net voor die wederkoms van Jesus kenmerk.

Vir die meeste mense sal die Here se onverwagse koms die oomblik van sy of haar afsterwe wees. Die vraag oor wanneer Jesus gaan kom moet dus vasgemaak word aan, onder andere, die sterwensoomblik van die mens. Op daardie oomblik wat die mens sterf, stop die moontlikheid om ‘n keuse vir Jesus te maak, indien die mens dit nog nie gedoen het nie. Volgens die Woord sal die tydperk van

voorspoed, sekuriteit, vrede en veiligheid die groot gevaar vir die mens wees indien hy nie gereed is om Jesus te ontmoet nie. Hierdie aangename tyd sal vir die mens 'n groot gevaar inhou want die aardse bestaan sal so aangenaam wees dat min mense in hierdie omstandigheid die aardse vir die hemelse sal wil verruil. Dit sal dus die groot toets vir die mens se liefde vir God wees. Daarom waarsku 1 Tess. 5: 2 die mens dat God se koms onverwags sal wees en dat die mens veral in die voorspoedige tyd waaksaam moet lewe met 'n verwagting ten opsigte van die koms van die Here. Oppas vir die tekens van **voorspoed, sekuriteit, vrede en veiligheid**. Dit mag die groot tekens van Jesus se koms in jou lewe wees.

8 April

Wat sou Jesus gedoen het?

Laat U Naam geheilig word: Hallel-U-Ruach.

(Mattheus)

Vir die kind van God is dit in die jaar 2017 dikwels moeilik om te bepaal hoe om op te tree in verskillende situasies. Neem nou maar net die saamblysondertrou-situasie, die vraag of homoseksualisme sonde is, Belhar, die klem op genade en liefde wat bykans alle fundamentele standpuntinname in die kiem smoor. So moet die kind van God dan in God se Handleiding vir die lewe, die Bybel, na antwoorde soek. Dan is dit nog 'n kwessie of dit wat in die Bybel staan wel in konteks geles is. Die vraag word ook dikwels gevra of die Ou Testament vir die Nuwe Testamentmens bedoel is. Watter voorskrifte het met die offers te make gehad en watter voorskrifte word deur Jesus se Genadedood op Golgota opgehef? Een manier om van hierdie vrae te beantwoord is om na Jesus se omwandeling op die aarde te kyk en dan te vra hoe sou Hy in hierdie huidige situasie opgetree het. Kwessies wat ons vandag mee te doen het, het dikwels nie in Jesus se tyd voorgekom nie. Daarom sal 'n mens uit Jesus se optrede die kern van Jesus se hartbegeerte vir die mens moet aflei. Uit die baie wat in hierdie verband nagevors kan word is die boek Matteus tog 'n voorbeeld van hoe Jesus gedink het. Kom ons kyk na dit wat ons van Jesus uit hierdie deel kan leer. Vir die doel van hierdie studie word van *The living Bible* gebruik gemaak.

1. Mat.4:4

Jesus sê: *Obedience to every word of God is what we need.*

2. Mat 4:10

Jesus sê: *Worship only the Lord God. Obey only Him.*

3. Mat. 4:17

Jesus sê: *Turn from sin, and turn to God, for the kingdom of Heaven is near.*

4. Mat. 4: 22:

Van die dissipels: *at once they stopped their work and leaving their father behind went with Him (Toe Jesus hulle geroep het).*

5. Mat. 4: 23:

Jesus travelled all through Galilea teaching in the Jewish synagogues, everywhere preaching the Good News about the Kingdom of Heaven. And He healed every kind of sickness and disease. ---- And whatever their illness or pain, or if they were possessed by demons or were insane or paralysed, He healed them all.

6. Mat. 5: 3 tot 11: Jesus sê:

Humble men are very fortunate.

Those who mourn are fortunate.

The meek and the lowly are fortunate.

Happy are those who long for justice.

Happy are the kind and merciful

Happy are those whose hearts are pure.

Happy are those who strive for peace.

Happy are those who are persecuted because they are good.

When you are reviled and persecuted and lied about because you are My followers- wonderful! Be happy about it! Be very glad! For a tremendous award awaits you up in heaven.

7. Mat.5:19

And so if anyone breaks the least commandment and teaches other to, he shall be the least in the Kingdom of Heaven. 20. But I warn you unless your goodness is greater than that of the Pharisees and other Jewish leaders you can't get into Heaven at all. 22. ---if you are angry even in your own home, you are in danger of judgement! If you call your friend an idiot you are in danger of being brought before the court. And if you curse him, you are in danger of the fires of hell.25. Come to terms with your enemy before it is too late. 29. So, if your eye-even if it is your best eye- causes you to lust, gouge it out and throw it away.32. But I (Jesus) say that a man who divorces his wife, except for unfaithfulness causes her to commit adultery.39. Don't resist violence. 42. Give to those who ask and don't turn away from those who want to borrow. 44. Love your enemies. Pray for those who persecute you.48. But you are to be perfect even as your Father in heaven is perfect.

Om Jesus as voorbeeld te kan gebruik sal Jesus geken moet word.

9 April

Water Water

Laat U Naam geheilig word: Hallel- U - Jeshua

. Waarom het God die aarde deur water heen tot stand gebring? Waarom het Hy die waters geskei van die land? Waarom het Hy die water bo die uitspansel van die water onder die uitspansel geskei? Waarom water? Waarom nie iets anders nie? God kon immers van enigiets enigiets maak, of iets tot standbring wat nog nooit bestaan het nie. Niks is by God lukraak en sonder 'n doel of beplanning nie. Daarom moes daar 'n goeie rede gewees het waarom God die water so 'n belangrike plek in die skepping gegee het. In Gen. 1: 9 staan (Amplified Bible):

And God said. Let the waters under the heavens be collected into one place of standing, and let the dry land appear. And it was so. Die aarde is uit die water gebore.

Behalwe baie ander redes mag die een rede, vir water se prominensie in die Bybel, wees dat God reeds op hierdie stadium van die skepping na die doop begin verwys het. Doop word altyd in die Bybel in verband met water gebring. Die tema droog, dood en leweloos word gewoonlik met water en lewe gekontrasteer in die Bybel. Uit die lewelose droogte kom daar gewoonlik lewe deur die water.

In Genesis 2: 7 staan die volgende interessante woorde opgeteken:

Then the Lord God formed man from the dust of the ground and breathed into his nostrils the breath or spirit of life, and man became a living being.

Onlangse navorsing het bevind dat dieselfde noodsaaklik chemikalieë wat in grond voorkom ook in die menslike liggaam teenwoordig is (Amplified: voetnota p.3) Die mens is uit stof gemaak, droë lewelose stof. Tog bestaan die mens vir ten minste 75% uit water. Ook hier wil dit voorkom of die lewe wat in die mens geplaas is, soos in die natuur, baie met water te make het.

2. Niks in God se beplanning is lukraak en sonder 'n doel nie. Daar moes 'n baie goeie rede gewees het waarom God die aarde en lewe, in Noag se tyd, met water verwoes het. Deur die water van die sondvloed heen red God vir Noag en sy gesin. Uit die water wat dood vir ander bring red God Noag en bring Hy hom in 'n nuwe lewe in. Alles het nuut geword. Deur die water heen gered, begin Noag en sy gesin 'n nuwe lewe. Sondige mense moes eers sterf in die water voordat Noag deur die water in 'n nuwe lewe op 'n skoongewaste wêreld kon uitstap. Alles het verander, alles is skoon, die sondaars is verdrink, 'n nuwe begin, amper soos 'n nuwe geboorte, het aangebreek. Waarom deur water heen? Waarom nie deur vuur of iets anders nie? Waarom was water vir God so belangrik? Kan dit wees dat water, en gered deur water heen, iets met geboorte en met doop te make het? 'n Mens word immers uit die Amnietiese vloeistof wat hoofsaaklik water is gebore nadat die moeder se water gebreek het. Doop vind ook tog nie sonder water plaas nie behalwe die doping met die Heilige Gees, wat nie noodwendige sonder die waterdoop plaasvind nie.

3. Israel word vir 430 jaar in Egipte in 'n grootliks slawebestaan vasgevang. Tog kom daar 'n tyd van vrymaking toe God hulle uit die slawebestaan verlos en uit Egipte laat wegtrek. Spoedig hierna moet die Israelite deur die Rooisee trek. Waarom? Waarom het God hulle nie op 'n ander roete geneem nie? Waarom moes die Israelite deur die Rooisee heen gered word? Waarom Rooi en waarom see? By God is niks lukraak en toevallig nie. Alles het 'n wonderlike doel en plan vir God. Toe die Israelite deur die Rooisee heen getrek het, het hulle na hulle vryheid toe getrek. Die vyande wat hulle in slawerny gehou het, het in dieselfde see omgekom. So het die Israelite waarlik vry geword deur die water heen. Die vyand kon nie deur die water gaan nie. Hulle kon nooit tot vryheid kom nie. Die water wat vir die een volk redding bring, was vir die ander volk dood en verwoesting. So is die slawebestaan afgewas van Israel. Die Rooi mag dui op Jesus se bloed waardeur die enigste afwassing van sonde en ewige vrymaking plaasvind. Soos Israel deur die water van die Rooisee heen gered is en tot 'n nuwe lewe van vrymaking gekom het, word die mens wat sy ou sondige bestaan, onder die slawerny van die wet opgee en aflê, in 'n nuwe lewe van vrymaking ingebore. Is dit dan nie paslik dat 'n mens wat hierdie ervaring gehad het dit graag met 'n onderdompelingsdoop sal wil bevestig nie?

4. Om die Beloofde Land te kon ingaan moes Israel 40 jaar later weer deur die water gaan. Hierdie keer was dit die water van die Jordaanrivier. Die ou sondige ongelowige Israelite het nou almal in die woestyn omgekom en die nuwe geslag

was gereed om in te trek. Waarom moes Israel weer deur water gaan? Waarom kon hulle nie maar op 'n ander manier of plek die Beloofde Land ingaan nie. Niks is vir God toevallig of lukraak nie. Daar is 'n baie goeie rede vir hierdie gebeurtenis. Mag dit wees dat die Beloofde Land ook eendag deur die kind van God ingetrek sal moet word. Wanneer die ou sondige bestaan vir goed agtergelaat word en gekruisig word is die mens gereed om deur die water van die Heilige Geesdoop die Beloofde Land as permanente erfdeel te ontvang. Weliswaar sal die geredde, Geesvervulde mens hierdie nuwe land in besit moet neem. Die ewige lewe behoort egter reeds aan hom. Hy is deur die water en die gees gedoop. Hy besit reeds maar hy moet nog steeds in besit neem. Oral waar sy geestelike voet neergesit word sal God vir hom oorwinning gee.

5. Die *waarom water* vraag kan met 'n *daarom* beantwoord word. Telkens wanneer water ter sprake is, het dit iets te doen met iets nuuts wat tot stand kom. Dit dui gewoonlik ook op reiniging en afwassing. Water is gewoonlik, soos aangedui deur Johannes, iets wat met nuwe lewe te make het. Kortliks kan gesê word dat die belangrikheid van water gewoonlik met nuwe lewe en afwassing te make het. Die vraag wat nou ontstaan is waarom moes Jesus gedoop word? Hy was immers perfek en het nie nodig gehad om 'n sondige bestaan af te lê of vernuwe te word nie. Jesus het dit terwille van die mensdom gedoen en nie ter wille van Homself nie. Dit is soos die wondergenesings wat gedoen is om mense in staat te stel om in Hom te glo. Jesus se sondes is nie simbolies in Sy doop

afgewas nie, die mensdom se sondes is simbolies afgewas. In Mat. 3: 16 staan hierdie aangrypende woorde ten opsigte van water opgeteken:

Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom.

Jesus is dus eers gedoop en toe het Hy die Heilige Gees van Sy Vader ontvang.

God was so tevrede met Jesus se doping dat Hy direk na Jesus se doping die volgende sê:

Dit is My geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.

6. Een van die aangrypendste tonele wat om water in die Bybel afspeel is die geeentheid in Johannes 13:4 waar Jesus Sy dissipels se voete was. Eintlik word alles wat vir ons van water gesê word hier simbolies saamgevat.

Joh. 13:4

(Jesus) Got up from supper, took off His garments, and taking a (servant`s) towel, He fastened it around His waist. Then He poured water in the washbasin and began to wash the disciples` feet and to wipe them with the (servant`s) towel with which He was girded.

Joh. 13:8

----- *unless I wash you you have no part in Me (you have no share in companionship with Me).*

Joh. 13:14

If I then, your Lord and Teacher (Master) have washed your feet, you ought (it is your duty, you are under obligation, you owe it) to wash one another`s feet.

God buig voor ‘n mens in nederige diensbaarheid en begin om die oneervolste, vuilste, slegruikendste deel van die mens te was. Hy het die handdoek, wat ‘n slaaf gewoonlik gebruik, om Hom gebind. Hy het die bietjie waardigheid wat sy klere vir Hom gegee het, uitgetrek, Hy is nou net ‘n nederige dienskneg. Die simbool van Sy diensbaarheid is om die voete van Sy volgelinge te was, af te droog en te versorg. Die voetendoop van die mens word voltrek. Petrus sou leer dat dit die beeld is van die hele mens wat gewas word om deel aan Jesus te kry (Joh. 13:10). Eintlik doop Jesus Sy dissipels op die aangrypendste wyse denkbaar. Hy was hulle met water soos Sy bloed hulle sondes afwas. Alle vuil word verwyder in Sy nederige dienswerk, waar Hy homself met alles wat Hy in Sy Koninklike luister verteenwoordig, neerlê en aflê. Sy verlossingswerk word op hierdie oomblik uitgebeeld wanneer Hy in die slawehouding Sy dissipels reining. Om deel aan Jesus te kry is dit nodig dat jy toelaat dat Hy jou was, jou vuil sondes afwas, met Sy bloed.

Doop is dan in sy kernbetekenis nederige diensbaarheid om ander te reinig. Jesus roep Sy dissipels op om Sy voorbeeld te volg in voetwassing van ander. So sal die gelowiges in die eeue wat volg Jesus se boodskap van afwassing van sondes verkondig elke keer wanneer hulle 'n medebroer doop.

Liefde is in sy diepste wese die ontkenning, die verloëning van die self, amper soos Jesus voor Sy dissipels wanneer Hy hulle voete was. Liefde is dan verder die dien van die ander in nederigheid om die ander se belang te soek. Die hoogste belang van die ander is die redding van daardie persoon, die afwassing van sy sonde. So doop jy jou broer wanneer jy hom in liefde bedien.

7. Jesus sal op die wolke kom. Waarom op die wolke? Jesus kon op baie ander maniere ook gekom het. Hy is in die wolke opgeneem toe Hy opgevaar het. Daarom is dit ook gepas dat Hy weer deur die wolke Sy verskyning sal maak. Die wolke is niks anders as water nie. Al verskil is dat die watermolekules minder dig gerangskik is. So kom Jesus Sy kinders haal; deur water heen sal hulle kom tegemoet gaan in die lug, met verheerlikte liggame, nuutgemaak. Soos gesê by God is niks lukraak of sonder plan nie. Niks gebeur **toe-val-lig** nie. Toe val die Lig en die wat deur God daartoe begenadig is sien in Sy lig die Lig.

8. 1 Johannes 5:5

Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as Hy wat glo dat Jesus die Seun van God is? 6. Die Een wat deur die water van Sy doop en die bloed van Sy dood na ons toe gekom het, is Jesus Christus; nie net deur die water nie, maar deur die

water en die bloed. Die Gees is die getuie daarvan, en die Gees is die waarheid. Daar is dus drie wat getuig: die Gees en die water en die bloed en die drie se getuienis stem ooreen.11 En die getuienis behels dit: God het ons die ewige lewe gegee, en die lewe is deur Sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het nie die lewe nie.

Waarom sal 'n mens kies om een van drie getuienisse ten opsigte van Jesus as Redder en Verlosser te ignoreer; **Hy wat deur die water van Sy doop na ons toe gekom het.**

10 April

Waarom?

Laat U Naam geheilig word: Hallel-U- Jahwe.

God het in die meeste mense iets van Sy Goddelikheid gegee. Aangesien God liefde is, kan verwag word dat hierdie iets van God met liefde te make sal hê. Die beste ervaring van hierdie Godgegewe liefde is wanneer 'n mens met 'n klein babatjie te make het. Daar is net iets wat tot 'n mens spreek wanneer jy met die pap afhanklike ou dingetjie met die onskuldige ogies te make kry. Deernis, jammerte, omgee en 'n behoefte om te beskerm en te versorg word spontaan opgewek.

Waarom sou God so iets in die mens ingeplant het? Was dit net vir die versorging van die hulpelose kind gewees of was daar dalk nog 'n rede gewees? Kan dit wees dat God ons iets van liefde laat ervaar om ons aan Hom te herinner, Hy wat Liefde is, om ons te herinner dat Hy baie lief vir ons is. Hy wat ons gemaak het weet dat ons grootste behoefte in hierdie lewe liefde is. So het Hy in alle mense eintlik 'n behoefte aan Hom, die Bron van Liefde, ingeplant. Bykans alle mense probeer hierdie behoefte aan liefde op een of ander manier hanteer; moontlik deur te trou, kinders te hê, liefdesobjekte hier op die aarde te versamel soos 'n mooi strandhuis, 'n pragtige prestigemotor, hulle eie liggame, mag, invloed, status ens. Indien die primêre bron van liefde nie in God gevind word nie, sal die liefdesobjek nooit ten volle bevredig nie.

Om iets van God se liefde vir ons te verstaan is dit nodig om na God as Vader te kyk. As Vader verklaar God van Sy Seun Jesus die volgende:

Dit is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het (Mat.3:17).

God is liefde en as sulks die verteenwoordiger van perfekte liefde. Dit wat vir ons as mense gegee word om van liefde te ervaar is maar net 'n afskaduwing van die liefde van God wat oneindig groter as ons beleving van liefde is. In Genesis is die geskiedenis van Abraham opgeteken. Hierdie man moes wag tot op die ouderdom van 100 jaar voor sy seun wat deur God aan hom belowe is, gebore is. Hy was ontsettend lief vir hierdie kind van hom. Toe die kind, Isak, 'n tiener geword het, het God Abraham se liefde vir Hom getoets deur aan hom die opdrag te gee dat hy sy kind moet gaan offer soos 'n mens 'n offer in daardie tyd gebring het, met ander woorde dat die kind op 'n offeraltaar keelaf gesny moes word. By die lees van hierdie aangrypende stuk geskiedenis leer ons iets ken van wat God moes deurgemaak het. Hy het Jesus, Sy enigste geliefde kind, na die wêreld toe gestuur, wel wetende dat Hy Jesus as 'n Offerlam stuur, om op Golgota geslag te word. God se liefde vir ons as mense het Hom daartoe gebring om hierdie offer te bring. Indien God dit nie gedoen het nie was daar geen hoop vir die mensdom nie. Elke mens sou dan vir die sondes wat hy of sy gedoen het in die ewige hel met smart en pyn moes geboet het.

Soos by Isak sien ons 'n gehoorsaamheid aan Sy Vader by Jesus. Isak het nie gewriemel, weerstand gebied of gesmeek dat sy vader hom moet los nie. Nee, hy

het gewillig op die offeraltaar gelê in gehoorsaamheid aan sy vader in die volle vertroue dat sy vader die beste weet. Hy kon sekerlik indien hy wou teen die ou man van 112 jaar oud, weerstand gebied het. Wat het gemaak dat Jesus bereid was om die lydingsweg vir ons redding te loop, ten volle bewus van wat vir Hom wag? So bewus was Hy van die lyding wat sou kom dat hy letterlik bloed gesweet het . (Mediese term: *Hematohidrosis: Wanneer buitengewone hoë vlakke van stress ervaar word. Gewoonlik a.g.v. uiterste vreesvlakke*), die nag voordat Hy gekruisig sou word, daar in die Tuin van Getsemane. Ons leer in die Ou Testament dat daar geen vergifnis van sonde sonder bloed sou wees nie. Nog voor Jesus se werklike fisiese lyding begin het, het daar alreeds bloed gevloei, Sy sweet het bloed geword. Waarom het Jesus dit toegelaat? Die enigste antwoord is **liefde**. Jesus het uit liefde vir ons Sy alles, tot Sy lewe, vir ons gegee, om ons te vrywaar teen die ewige verdoemenis waar ons vir ons sondes vir ewig sou boet. In ons plek het Hy helse smarte gely. Sy lyding was helse fisiese foltering soos toe Hy ge gesel is; nege-en-dertig houe met ‘n kats wat stukke vleis uit Sy liggaam geruk het. So erg was die geseling destyds dat baie slagoffers daaraan beswyk het. Daar moes ernstige bloedverlies gewees het. Die klappe van die ruwe sterk Romeinse soldate moes sekerlik Sy lippe geskeur het en ook so bloeding veroorsaak het. ‘n Kroon wat van doringtakke gevleg was is op Sy kop vasgedruk. Alleen iemand wat reeds deur ‘n doring gesteek is weet van die brandpyn wat ‘n doring kan veroorsaak. So het die gif van die dorings sy kopvel binnegedring. Die bloed van die doringkroon moes oor Sy gesig geloop het en Sy oë gebrand het. Die ergste

van die fisiese pyn sou egter nog kom. Alleen iemand wat reeds gevoel het hoe rou senuwees kan pyn wanneer tandpyn intree of wanneer 'n tandarts die senuwee van 'n tand raak, sal iets van Jesus se senupyn kan begryp. Op sekere plekke in die hande en voete is daar 'n konsentrasie van senuwees. Juis op hierdie plekke is die dik geroeste spykers tydens die kruisiging deurgeslaan toe Jesus aan die kruishout vasgespyker is. Kan jy jou die pyn indink? Die liggaam moes seker rebellerend teen soveel pyn, in skok en trilling oorgegaan het. Hierdie foltering het vir ses ure, van nege die oggend tot drie die middag voortgeduur. Ses is die simboliese getal van die mens. Dit was gepas dat Hy ses ure ly want Hy het vir die hele menslike bevolking se sondes gely. Die wat bekend was met die kruisigingsmetode, soos die geskiedskrywer Josephus, sê dat die ergste van die fisiese lyding, die gedurige versmoring was wat plaasgevind het. Met die hang aan die arms het die diafragma dit moeilik gevind om asemhaling toe te laat. Om asem te kon kry moes die gekruisigde hom gedurig van sy voete af op druk. Die pyn wat deur die gekruisigde voete moes verduur word is bykans ondenkbaar. Dan was daar natuurlik ook die ontsettende dors vanweë die bloedverlies en die hang in die bloedige son van Israel.

Jesus het in Sy groot liefde vir ons nie net fisies gely nie. Hy, die Seun van God, Hy deur Wie alles geskep is, Hy wat kom uit die luister van die hemel, het die ergste vernedering denkbaar ondergaan. Hy is in 'n stal gebore en het in 'n krip gelê. Hy wat die menslike brein ontwerp en gemaak het moes die ambag van 'n

timmerman leer. Hy wat alles besit moes as 'n arm man op hierdie aarde kom lewe sonder dat hy 'n huis of plek Sy eie kon noem. Al wat Hy besit het was 'n aanmeakaargeweefde onderkleed waaroor die Romeinse soldate geloot het om te sien wie dit sou kry. Mense het Hom verag, sleggesê, geweier om Hom as die Seun van God te erken, Hom in die gesig gespuug, Hom gespot, Sy klere uitgetrek en Hom kaal aan 'n kruis vasgespyker en Hom langs 'n besige hoofweg aan 'n kruis laat hang.

Jesus is ook verwerp. Dit wat die mens vandag seker die meeste vrees naamlik verwerping, juis dit het Hy intens ervaar. Hy is deur die mense van Sy tuisdorp verwerp. Hulle wou Hom nie erken nie, nie eers as profeet nie. Die Jode, die geliefde uitverkorenes van God, het Hom verwerp as Messias en het Hom gekruisig. Sy dissipels het in Sy krisisuur van Hom af weg gehardloop en Sy geliefde vertroueling Petrus, het ontken dat hy Hom ooit geken het. Die skrifgeleerdes en Fariseërs, die geestelike leiers was hoofsaaklik verantwoordelik vir Sy kruisiging. Selfs vandag, 2000 jaar later, is daar nog baie mense wat Hom verwerp en weier om in Hom te glo. Jesus se grootste verwerping het van Sy geliefde Vader gekom toe God duisternis oor Sy Seun se lyding laat kom het en Jesus desperaat moes uitroep: *Eloi, Eloi, lama Sabagtani – My God, My God, waarom het U My verlaat?* Alleen so kon God die hoogste offer aan Homself bring om ons vergifnis van sonde volkome te maak. Alleen so kon volkome

geregtigheid kom en die hoogste prys vir ons loslating, vrywaring en boetedoening betaal word.

Jesus se grootste lyding was seker na Sy dood, iets waaroor 'n sluier vir ons getrek is. Ons sal dit seker nie kan verstaan nie. Moes Hy in die Hel boet, in ons plek, vir ons sondes? Die Hel word meer in die Bybel vermeld as die Hemel. Wat Jesus na Sy afsterwe beleef het is genadiglik vir ons kennisname gespaar. Al wat ons weet is dat Hy die volle prys vir ons sondes betaal het, al die helse smarte wat ons moes deurmaak het Hy vir ons gely.

Hoe kan 'n mens dan sê:

Nee dankie God. Nee dankie Jesus. Ek stel nie belang in hierdie ou storiëttjies nie. Dit is alles leuens, sommer 'n klomp bogstoriëttjies vir kindertjies. Ek glo nie dit is waar nie. As ek sterf, sterf ek soos 'n hond en daar is niks wat voortleef, nadat ek gesterf het nie. Ek glo my eie evangelie wat ek met my eie kop uitgedink het. Dit is vir my baie meer waar as wat in die Bybel staan. Jammer maar hou maar jou Jesus. Ek dink dit is alles net 'n klomp snert. Ek kies om, as daar iemand soos 'n Jesus was, Hom te kruisig, te spoeg, te verneder, te verwerp en om nie in Hom te glo nie.

Vir die wetenskaplike denker:

Daar is meer bewyse vir die bestaan van Jesus as wat daar vir die bestaan van Julius Ceaser is. Sien ook die boek van Strobel: *The case for Christ*.
